

# **Riglyne vir omgewingsjoernaliste**

**Engela Botes**

**Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad  
Magister in Joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch**



**Studieleier: Mnr Bun Booyens**

**Maart 2001**

**Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.**

## Abstrak

Die waarde van die biosfeer word geskat tussen \$16 en \$54 triljoen. Die omgewing word daaglik in gedrang gebring deur voorgestelde ontwikkeling wat fokus op ontspanning, industriële, kommersiële en residensiële uitbreidings.

Omdat die omgewing 'n onopvallende ("unobtrusive") onderwerp is, steun die publiek swaar op die media om hulle in te lig oor die belangrikheid en invloed van gebeurtenisse in die omgewing wat hulle nie self kan ervaar nie. Daarom speel omgewingsjoernalistiek 'n baie spesifieke rol in die bewusmaking van die publiek oor aspekte wat die omgewing bedreig of interessant maak. Dit moet ook die publiek aanspoor tot direkte omgewingsvriendelike aksies.

Riglyne word in hierdie verhandeling uiteengesit in 'n poging om tot hulp te wees vir joernaliste wat die omgewing hul belangstellingsveld wil maak.

Die verskillende modelle van wetenskaplike kommunikasie, waarvolgens omgewingsjoernaliste hul werk aanbied, word bespreek. Volhoubare joernalistiek word as oplossing aangebied in die debat oor objektiewe en subjektiewe verslaggewing.

Die verskillende bronne wat omgewingsjoernaliste kan tap om nuuswaardige artikels te kan skryf, word bespreek. Daar word veral gekyk na die media se verhouding en wisselwerking met wetenskaplikes en drukgroepe. Die proses van onderhoudsvoering word ook bespreek.

Die suksesvolle gebruik van nuusonderwerpe, asook agendastelling en die raming van artikels om 'n bepaalde boodskap oor te dra, word bespreek om lig te werp op die vraag waarom sekere omgewingsverwante gebeure meer media-aandag genereer as andere. Aandag word gegee aan die faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed, soos die onmiddellikheid van nuus, risiko-joernalistiek, plaaslike inhoud, die menslike nuushoek, konflik en beeldmateriaal.

## **Abstract**

It is calculated that the biosphere is worth between \$16 and \$54 trillion. The environment, however, is constantly under threat of proposed development that focuses on recreational, industrial, commercial and residential developments.

The environment is an unobtrusive subject. Members of the public can seldom gain firsthand experience about those activities and actions that influence the environment. Therefore, the public relies heavily on the media to inform them of the general state of the environment.

This thesis aims to provide guidelines to journalists who work in the field of environmental reporting.

Various models of the communication of science, according to which environmental journalists present their work, are discussed. Sustainable journalism is presented as a solution in the debate between objective and subjective reporting.

Environmental journalists have diverse sources to tap in search of credible articles. Attention is given to the specific relationship between the media, scientists and lobby groups. Attention is also given to the process of interviewing sources.

Certain issues and activities generate more media attention than others. This is discussed with reference to news subjects, agenda setting and the framing of messages. Attention is given to the issues that make a subject newsworthy, ie risk journalism, local input, human interest, conflict and visual impact.

# Inhoudsopgawe

1. Inleiding.....	1
1.1. Die waarde van die omgewing.....	1
1.2. Die massamedia en die omgewing.....	2
1.3. Die invloed van omgewingsjoernalistiek.....	5
1.4. Struikelblokke van omgewingsjoernalistiek.....	8
1.5. Omgewingsjoernalistiek in Suid-Afrika.....	11
1.6. Navorsingsvoorstel.....	12
2. DENKRIGTINGS IN DIE AANBIEDING VAN OMGEWINGSJOERNALISTIEK.....	14
2.1. Inleiding.....	14
2.2. Modelle vir wetenskaplike kommunikasie.....	15
2.3. 'n Moontlike oplossing: Volhoubare joernalistiek.....	20
2.4. Slotsom.....	22
3. DIE GEBRUIK VAN BRONNE.....	23
3.1. Die rol van aanspraakmakers.....	23
3.2. Wetenskaplikes as bronne.....	25
3.2.1. Rolle van wetenskaplikes as bronne.....	25
3.2.2. Die gebruik van joernaalartikels en wetenskaplike publikasies.....	27
3.2.3. Samewerking met die media.....	28
3.2.3.1. Ooreenkomstemmende kenmerke.....	31
3.2.3.2. Mediavaardighede.....	33
3.2.3.3. Professionele oorwegings.....	34
3.2.3.4. Verskil in standaarde.....	37
3.2.3.5. Tydsaspekte.....	37
3.2.3.6. Taal.....	38
3.2.3.7. Foutgrense.....	39
3.2.3.8. Objektiviteit teenoor subjektiviteit.....	40

3.2.3.9.	Steun van die publiek.....	41
3.2.4.	'n Mediastrategie vir wetenskaplikes.....	42
3.3.	Die ontwikkeling van drukgroepe.....	45
3.3.1.	Die strategie van drukgroepe.....	49
3.3.2.	Die verhouding tussen drukgroepe en die media.....	51
3.3.3.	Veranderende verhouding tussen drukgroepe en die media.....	52
3.4.	Ander bronne.....	54
3.5.	Onderhoudvoering.....	58
3.6.	Slotson.....	60
4.	DIE SUKSESVOLLE GEBRUIK VAN NUUSONDERWERPE.....	61
4.1.	Onderwerpe wat media-aandag genereer.....	63
4.2.	Faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed.....	63
4.2.1.	Fokus van nuusonderwerpe.....	63
4.2.1.1.	Onmiddellikheid van nuus.....	64
4.2.1.2.	Risiko-joernalistiek.....	65
4.2.1.3.	Plaaslike inhoud.....	71
4.2.1.4.	Die menslike nuushoek.....	72
4.2.1.5.	Konflik.....	73
4.2.1.6.	Prominensie.....	75
4.2.1.7.	Diere.....	76
4.2.1.8.	Negatiewe inhoud.....	78
4.2.1.9.	Beeldmateriaal.....	80
4.2.2.	Agendastelling.....	81
4.2.3.	Die raming van stories.....	84
4.3.	Skryfegnieke.....	88
4.4.	Slot.....	91
5.	SLOTSOM.....	92

## BIBLIOGRAFIE

## Hoofstuk 1

# INLEIDING

Die omgewing, volgens Fuggle (aangehaal in Hartevelt 1995: 1) is die totaliteit van objekte wat die mens omring en wat deur wisselwerking sy leefwêreld beïnvloed.

Volgens Andy Gubb (2000: 5), streekbestuurder: Wes-Kaap van die Wildlife & Environmental Society of SA (Wessa), is dit nodig om die bestaande perspektief oor die omgewing te verander. Hy glo dit is net nie meer voldoende om 'n natuurliefhebber te wees of ongerepte gebiede te bewaar nie, maar dat omgewingsbewustes moet begin om mense aktief te werf – van parlementariërs tot die man op straat.

"We have to work where most people are – the urban areas – those sinks into which our natural resources are sucked. And when we find that the public participation process fails us and decision-making has not been procedurally fair, we must challenge this either in the public arena or in the court if need be."

### 1.1 Die waarde van die omgewing

Constanza *et al* (1997: webblad) skat die waarde van die biosfeer tussen \$16 en \$ 54 triljoen, met 'n jaarlikse gemiddeld van \$33 triljoen. In totaal is \$33 triljoen 1.8 keer meer as die wêreldwye bruto nasionale produk. Hulle waarsku:

"The economies of the Earth will grind to a halt without the services of the ecological life-support systems, so in one sense their total value to the economy is infinite. We must begin to give the natural capital stock that produces these (ecosystem) services adequate weight in the decision-making process, otherwise current and continued future human welfare may drastically suffer."

Hulle voorspel dat die waarde van "natuurlike kapitaal" en die ekostelsel sal styg namate bronne uitgeput word.

Die gehalte van die omgewing kom egter daagliks in gedrang deur voorgestelde ontwikkeling wat fokus op ontspanning, industriële, kommersiële en residensiële belange. Hoewel ontwikkeling dikwels voorgelou word as die oplossing vir armoede, vind Gubb (2000) dat die ontwikkelingsregte van 'n individu telkens die integriteit van die omgewing en die regte van die samelewing benadeel.

Omgewingskwessies ontstaan nie in isolasie nie, maar word beïnvloed deur gebeure in onder meer die politieke, ekonomiese en regsvelde. Onder die maatskaplike faktore wat volgens Hartevelt (1995:14) 'n invloed het op die stand van die omgewing, is belasting op brandstof, persone en organisasies wat deel vorm van die "groen" beweging of die politiek, verkeer, toerisme, skadelike stowwe soos huishoudelike reinigers, energie- en kragvoorsiening, landbou en gepaardgaande erosie, mynbou en grondbesoedeling.

Binne hierdie breë raamwerk van belange en onderwerpe beoefen omgewings-journaliste hul beroep as lede van die bedryf van massakommunikasie en lewer hulle 'n bydrae om die gesondheid van die natuur te verseker.

## **1.2 Die massamedia en die omgewing**

Volgens Pember (aangehaal in De Beer, 1993: 18) kan massakommunikasie nie van die individu of die samelewing geskei word nie. Dit is 'n omvattende en alomteenwoordige ("pervasive") maatskaplike krag wat deel is van die daaglikse lewe – van die oggendkoerant tot die laatnag-nuusbulletin. Dit verskaf voortdurend inligting aan die samelewing en beïnvloed, vermaak en voed die publiek op.

Vir De Beer (1993: 18) is die kern van moderne massakommunikasie die oordrag van inligting deur 'n tussenganger (die media) na 'n groter gehoor (die breë publiek).

De Beer (1993: 18) beskou massakommunikasie as 'n integrale deel van die samelewing, soortgelyk aan instellings soos die kerk, besighede en skool. In 'n sistemiese benadering van die samelewing word massakommunikasie saam met die



politiek, ekonomie en kultuur beskou as een van die belangrikste subsisteme (Hiebert, Ungurait & Bohn, aangehaal in De Beer, 1993: 18). Dit word binne 'n maatskaplike konteks bedryf waarbinne die samelewing en media mekaar onderling beïnvloed.

De Beer (1993: 18) identifiseer verskillende vorme van massakommunikasie – televisie, boeke, koerante, tydskrifte, radio en rolprente. Hy glo dat massakommunikasie mense se behoeftes vervul om vermaak en ingelig te wees oor die wêreldnuus op 'n goedkoop, maklik bekombare manier. Leiers in sektore soos die ekonomie, politiek en sake besef toenemend dat massakommunikasie 'n baie effektiewe manier kan wees om houdings en opinies te beïnvloed.

Die media moet gebruik word om mense se opvattinge te vorm oor aspekte wat hulle nie self direk kan beleef nie (Lippmann, aangehaal in Ader, 1995: 301). Sake waarmee mense min persoonlike kontak het en waarin die media die primêre bron van inligting is, word deur Zucker (aangehaal in Ader, 1995:301) onopvallende ("unobtrusive") onderwerpe genoem.

Talle navorsers beskou die omgewing as 'n onopvallende onderwerp wat 'n sterk agendastellende gevolg kan hê. In 'n studie deur Eyal (aangehaal in Ader, 1995: 301) is die omgewing geweeg as die sterkste onopvallende faktor. Ander navorsing het ook gewys dat die omgewing 'n onopvallende onderwerp is omdat die meeste mense nie veel tyd spandeer in direkte kontak met aspekte soos omgewingsbesoedeling nie, maar wel via die media inligting daarvoor ontvang (Ader, 1995: 301).

Die publiek steun op die media om hulle in te lig oor die belangrikheid en invloed van 'n gebeurtenis op die omgewing, omdat hulle dit nie noodwendig aflei uit regte-wêreld toestande en leidrade nie (Ader, 1995: 301). Omgewingsjoernalistiek, speel dus 'n hoogs spesifieke en belangrike rol in die bewusmaking van die publiek oor aspekte wat die omgewing bedreig of interessant maak.

Zucker (aangehaal in Ader, 1995: 301) wys daarop dat agendastelling in die media nie 'n sterk invloed op opvallende onderwerpe het nie, omdat die publiek self

omstandighede kan ervaar en interpersoonlike besprekings kan voer om inligting daaroor te bekom.

Lowe en Morrison (aangehaal in Harteveld 1995: 1) wys op `n besondere prominensie wat aan omgewingsjoernalistiek verleen word:

"Environmental disasters automatically command media attention as dramatic events. The other major attraction, particularly for television, the colour supplements and magazines, is the photogenic quality of what environmentalists are campaigning for and against, which makes for visually exciting journalism."

Bryna Brenna, direkteur van opleiding van die Centre for Foreign Journalists (aangehaal in Nelson, 1995: vii) glo omgewingsjoernalistiek omvat `n wye reeks van onderwerpe, *embracing nothing less than life itself*. Dit is interafhanklik van ander sektore, soos politiek, kultuur en die ekonomie. Dit is `n komplekse onderwerp waar meer op die spel is as net eenvoudige verduidelikings en vergelykings. Dit is tegnies, en daarom benodig die veld `n sekere mate van deskundigheid. Omgewingsjoernalistiek is `n onpresiese veld omdat omgewingswetenskap onpresies is ten opsigte van sy bronne, data, wetenskaplike metodologie en oplossings. Daarby word ook `n sterk emosionele waarde aan die omgewing geheg.

Die onderwerpe wat deur praktisyns van hierdie beroep gedek kan word, is legio. Omgewingsjoernalistiek, glo Ed Quillen (1999, webblad) herinner hom aan wat die Amerikaanse Hooggeregshof regter Potter Stewart gesê het oor pornografie: *He couldn't define it, but he knew it when he saw it*.

Westerse omgewingsjoernaliste kan kies uit `n wye verskeidenheid onderwerpe. Onder hulle tel waterregte, die kwaliteit en gebruik van water, die bestuur van natuurlewe, natuurlike habitat, bosbou, geologie, ontspanning, vervoer, kommoditeitspryse, internasionale handelsbelange en inheemse tradisies.

Die omgewing moet so breed as moontlik gesien word wanneer die media omgewingsgerigte onderwerpe takel, glo Kelly (aangehaal in Roux 1994: 119):

"Die omgewing is sinoniem met die lewensgehalte op aarde, en die media behoort te fokus op elke aspek wat die lewensgehalte raak - of dit die verwydering van giftige afvalstowwe is of die aanlê van groentetuine in plakkerskampe."

So `n allesomvattende siening kan egter baie kompleks word. Volgens Danie van der Walt (Roux 1994: 119), voormalige regisseur van die joernaalprogram 50/50, raak die omgewing vandag aan aspekte van die politiek, maatskaplike stelsels, ekonomie, natuurwetenskape, tegnologie, regstelsel en gesondheid. Hierdie moontlike invalshoeke verg almal die aandag van kundige joernaliste.

### 1.3 Die invloed van omgewingsjoernalistiek

Nelson (1995: ix) beskryf omgewingsjoernalistiek as `n veld wat relatief onlangs ontwikkel het.

"Thirty years ago, few reporters wrote about the topic in any depth. Concern about our natural resources and habitat was not yet a widespread grass-roots issue. Today, most news organizations recognize that the environment is a major story, and when possible, are devoting resources to cover it."

Detjen (aangehaal in Blum & Knudson, 1997: 173) glo die belangstelling in die omgewing deur die publiek en die media het oor die afgelope 35 jaar vergroot:

"In the 1960's these (environmental) issues were small eddies on the edge of a river flowing through our lives and our society; today they have become one of the river's most powerful currents."

In `n rubriek in die *New York Times* in 1969 skryf veteraankoerantman Gladwill Hill:

"There seems to be a widespread lack of recognition that environmental deterioration is not just a random series of occurrences and conditions, but a revolutionary development. It is the world's most pervasive epidemic, if you will, one integrated continuing story, transcending in importance and duration the Vietnam War, WW2, or any other story you could name, not excluding the day-to-day saga from the nation's capital; and an

unawareness that the story must be conveyed to the public in its true dimensions. It is not altogether surprising that there is journalistic laggardness in this area, the environmental story is probably the toughest story newspapers have ever had to come to grips with. They are inherently orientated to the status quo, to the established order – government, economic and social. Their forte has always been reporting deviations from this norm. But the environmental story peculiarly involves the rejection of prevailing physical conditions, rejection of economic morals and governmental mechanisms that have permitted these conditions to come about, rejection of the shibboleth of bigness. Much air pollution comes from local industry, a sacred cow. Water pollution comes either from industry or from inadequate sewage treatment that local officials haven't had the gumption or the public support to improve."

Ralph Otwell, besturende direkteur van die *Chicago Sun-Times* (aangehaal in MacDougall, 1972: 466), spel in 1972 die problematiek as volg uit:

"The biggest challenge facing journalism in the 1970's is confronting the American people with the harsh reality of their destruction, and making them believe it."

Dertig jaar na Hill en Otwell, en ook dieselfde tydperk sedert die eerste Aardedag, word meer optimisties geskryf oor die rol en invloed van omgewingsjoernaliste deur Rice Odell (2000: webblad), voormalige redakteur van die *Conservation Foundation Letter* en skrywer van *Environmental Awakening* en *A Dictionary of Environmental Quotations*. Hy glo die omgewingsrevolusie het in die afgelope drie dekades baie vermag, veral met die hulp van joernaliste.

Hierdie sukses het nie net bygedra tot verbetering in die gehalte en beskerming van lug, water, grond en wildlewe nie, maar het dit veral drie sosio-politieke transformasies tot gevolg gehad. Die omgewingsrevolusie het 'n dramatiese invloed gehad op 1) die aspekte waaraan mense waarde heg, 2) die deursigtigheid van regerings ten opsigte van die bestudering van hul bedrywighede, en 3) die transformasie van die wyse waarop probleme ontleed word.

Die publiek heg nou groter waarde aan aspekte wat lewenskwaliteit beïnvloed, onder meer landskappe, wildernisgebiede, natuurlewe, ruimte, die waarde van menselewe

en gesondheid (soos anti-lugbesoedeling). Die klem op gesonde gemeenskappe het daartoe gelei dat mense die waarde daarvan besef om nie 'n vierlaan nasionale pad deur 'n rustige buurt te bou nie (Odell, 2000: webblad).

Omgewingsgesindes het die fokus geplaas op deegliker langtermyn beplanning, *typically as an antidote to short-term economic considerations*, sê Odell (2000: webblad). Ontwikkelaars en beplanners word gedwing om die onomkeerbare impak van hul planne te besef wanneer 'n vleiland opgevol word, 'n brug gebou word of spesies uitgeroei word. Amerikaanse wette soos die *National Environmental Protection Act* dwing hulle tot deegliker analise van planne.

'n Verskerpte begrip oor hoe komponente soos die ekologie, ekonomie en maatskaplike verskynsels ineenskakel in die omgewing, het 'n multidisiplinêre analise tot gevolg. Dit lei ook tot 'n bewustheid oor die invloed op die groter gemeenskap van individue of enkele nasies wat in eie belang optree.

Volgens Odell (2000: webblad) het druk wat gedurende die omgewingsrevolusie opgebou het, bygedra tot die ontwikkeling van ekonomiese analise:

"More fully recognised are the invalidating weaknesses in traditional economic calculations like the Gross National Product or the typical cost-benefit analysis. These have long minimized or excluded values that cannot be expressed in monetary terms – such as protection of a forest to mitigate flood damage or retain biodiversity."

Dit het gelei tot die toevoeging van 'n geldwaarde aan die behoud van 'n wildernisgebied of 'n ontspanningsgebied wat die meeste mense nie eens sal besoek nie. So is in Alaska, in die stryd om vergoeding teen Exxon na die Valdez-olieramp, navorsing gedoen oor die bedrag geld wat Amerikaners bereid is om te betaal om 'n soortgelyke ramp te verhoed, al verwag hulle om nooit die gebied te besoek nie.

Meer wette is ook uitgevaardig wat die reg tot inligting van gebruikers en gemeenskappe ondersteun (Odell, 2000: webblad). Die beskerming van die omgewing het wêreldwyd 'n multimiljoen dollar industrie geword. In talle velde, van filosofie tot

regte, kunste en godsdiens het die omgewing 'n subspesialiteitsveld geword (Detjen, aangehaal in Blum *et al* 1997: 174).

Odell (2000: webblad) beskou hierdie ontwikkeling as revolusionêr:

"The combined effect of all these pervasive changes in our political conduct is truly revolutionary. Obviously, much remains to be done, and everyone knows efforts to roll back environmental accomplishments never cease. Still journalists and others are entitled to reflect with satisfaction on the striking historical progress."

Ten spyte van die goeie vordering wat gemaak is, is daar nog harde werk vir joernaliste wat as waghonde optree om die omgewing te beskerm.

Die afgelope dekades staan die omgewing voor sy grootste uitdagings. Volgens die 1989 Gallup-verslag (Dunlap & Scarce: 1991: 654) beskou drie uit elke vier Amerikaanse volwassenes hulself as omgewingsbewustes, met 41% wat hulself as vurige omgewingsgesindes sien.

Navorsing deur Cambridge (aangehaal in Davis, 1995: 285) wys dat die persentasie Amerikaners wat die omgewing beskou as een van die twee grootste probleme waarmee die regering te kampe het, van 2% in 1987 tot 21% in 1990 gestyg het. Die persentasie mense wat glo dat die omgewing agteruitgaan, het in dieselfde tydperk van 32% tot 55% gestyg.

Volgens Detjen (aangehaal in Blum *et al*, 1997: 174) is die Amerikaanse publiek honger vir meer inligting oor die omgewing. 'n Opname in 1995 deur Roper Starch (aangehaal in Blum *et al*, 1997: 174) wys dat 52% van studiegroep meer nuusitems oor die omgewing verlang, terwyl net 8% eerder vermindering wil sien.

Hierdie belangstelling is veral hoog in die ouderdomsgroep 18 tot 34 jaar, met meer as 6 uit elke 10 mense in die sogenaamde Generasie X-ouderdomsgroep wat meer inligting oor die omgewing verlang.

## 1.4 Struikelblokke in omgewingsjoernalistiek

Soos ander nuusonderwerpe styg en kwyn belangstelling in omgewingsjoernalistiek. Detjen (aangehaal in Blum *et al*, 1997: 175) vind dit hang saam met die heersende gemoed van `n staat. Tydens periodes van ekonomiese krisis fokus mense eerder op werkskepping, gesondheidsversekering en ander finansiële aspekte. Ná grootskaalse omgewingsrampe – soos die Exxon Valdez olieramp of Tshernobil kernramp - word mense se belangstelling in die natuur aangewakker.

Die Amerikaanse Tyndall-verslag (aangehaal in Carmody, 1995: 143) het bevind dat televisiedekking oor omgewingskwessies `n hoogtepunt bereik het teen 1989 (veral danksy die Exxon Valdez-olieramp) maar teen 1993 met 60% gedaal het.

Die verminderde klem op omgewingstories en die publikasie daarvan kan ander joernaliste beïnvloed om die omgewingsdebat as irrelevant te beskou. So `n houding kan die sirkulasiesyfers van veral streek- en middelgrootte koerante raak, aangesien veral hoër opgevoede persone voel dat hulle nie genoeg aktuele stimulerende leesstof gebied word nie. Die veteraan-omgewingsjoernalis Bob Anderson (aangehaal in Carmody, 1995: 144) is hiervan oortuig:

"Many of them have given up reading newspapers, because when scientific issues are discussed, they're often handled in a moronic fashion by a reporter who probably didn't understand what he was writing about."

Nie alle redakteurs of mediabestuurders is oortuig van die waarde wat wetenskapsverwante artikels vir hul lesers inhou nie. So het navorsers van die *Environmental Journalism Program* van die Staat Michigan Universiteit (Detjen, 1996: webblad) bevind dat televisie- en koerantjoernaliste sukkel om genoegsame dekking vir die omgewing te verkry, ten spyte van die oënskynlike duidelike bewyse dat die omgewing in `n krisis is.

In die grootste navorsingprojek wat onder omgewingsjoernaliste in die VSA gehou is, is die mening van 496 joernaliste ingewin.

ʼn Kwart van die joernaliste (28%) in die studie lys te min tyd as die hoofrede vir afgewaterde, oppervlakkige omgewingstories, terwyl beperkte bronne vir navorsing en reis (38%), ʼn gebrek aan koerantruimte (23%), te min belangstelling van redakteurs (20%) en ʼn beperkte hoeveelheid onbevooroordeelde bronne (10%) ook redes hiervoor is. Druk van regeringsorganisasies, omgewingsgroepe en die bedryf word ook as mindere probleme gelys.

Alhoewel die studie aandui dat omgewingsjoernaliste ervaar dat hulle minder kwaliteit tyd spandeer in hul veld, word ʼn oorgrote tevredenheid uitgespreek met hul werk.

In die studie toon 23% van die omgewingsjoernaliste by koerante en 44% van televisiejoernaliste aan dat hulle minder tyd bestee aan omgewingskwessies as in die vorige jaar. ʼn Derde van hierdie groep glo dat hulle skaars ʼn kwart van hul tyd aan die omgewingsdebat bestee, terwyl die oorgrote meerderheid hierdie syfer op net meer as 50% plaas. Volgens die verslag is radio die enigste medium wat in 1996 groei getoon het in die omvang van die omgewingsverslaggewing.

Ten spyte van hul gelyste probleme het 70% van die joernaliste in die navorsingsprogram aangedui dat hulle deels of baie tevrede is met hul werk. Faktore soos geslag, werkplek, jare van ondervinding en salaris het werkstevredenheid beïnvloed. Ver al mans wat meer as 10 jaar reeds oor die omgewing skryf, het hoë tevredenheid uitgespreek oor hul werksomstandighede. Tydskrifjoernaliste het die hoogste tevredenheid uitgespreek (Detjen, 1996: webblad).

Die studie het getoon dat die meeste Amerikaanse omgewingsjoernaliste goed gekwalifiseer is, met meer as die helfte (51%) wat kwalifikasies in kommunikasiekunde soos joernalistiek het. In 1996 was 69% tussen 31 en 49 jaar oud. Konferensies, seminare en werkswinkels is deur 40% van die respondente gelys as waardevolle instrumente vir verdere opleiding in omgewingskwessies. ʼn Behoeftte is uitgespreek vir meer werkswinkels en seminare (74%), gespesialiseerde kursusse op universiteitsvlak (40%) en goeie handboeke oor omgewingsjoernalistiek (39%) (Detjen, 1996: webblad).



Dit is egter nie net die voortdurende stryd om sirkulasiesyfers en koerantspasie wat lede van hierdie veld moet oorkom nie.

Detjen (1999: webblad) is nie verbaas dat omgewingsjoernaliste wêreldwyd, maar veral in ontwikkelende of sosialistiese lande, vervolgd word weens hul werk nie. Sommiges moet tronkstraf uitdien, andere word ontvoer, voor die hof gedaag of gedagvaar vir kriminele oortredings as hulle skryf oor hoe industriële en ander partye die omgewing deur hul optrede benadeel. Wanneer magtige organisasies aangevat word slaan hulle gereeld terug. Hy glo die media kan hul mag gebruik om openbare mening te voed teen diegene wat die boodskappers probeer stilmaak.

’n Organisasie wat probeer om ’n oplossing te bied vir die teenkating wat omgewingsjoernaliste ervaar deur die openbare mening te voed, is die *International Federation of Environmental Journalists*. Hul lede skryf oor situasies waarin joernaliste bedreig word, skryf briewe ter ondersteuning van die sake waarvoor joernaliste skryf, en werf aktief steun by internasionale organisasies om tot aksie oor te gaan (Detjen, 1999: webblad). ’n Ander voorbeeld is die *Global Response Environmental Action Network*, wat via die internet voorbeelde versprei van hoe die omgewing bedreig word en hoe joernaliste daarvoor verslag doen. Detjen se visie is:

"By banding together and helping each other, environmental journalists can both champion press freedoms and improve the quality of life on the planet."

## 1.5 Omgewingsjoernalistiek in Suid-Afrika

Booyens (aangehaal in Engelbrecht, 1997: 25) reken dat die Suid-Afrikaanse omgewingsjoernalistiek in ’n goeie toestand verkeer in vergelyking met lande soos Amerika, Brittanje en selfs Australië. Dit is ’n onderwerp wat gereelde en gewilde dekking geniet in die meeste publikasies. Hy sien ruimte vir kwalitatiewe verbetering waarbinne joernaliste ’n geheelbeeld met insig oor kwessies verkry sodat ingeligte keuses gemaak kan word.

Volgens Hartevelt (1995: 63) het die Suid-Afrikaanse pers sedert 1991 meer bewus geword van omgewingsproblematiek. Ook sedert die 1994 verkiesing het die media meer aandag begin gee aan verskillende politieke partye se sienings oor die omgewing, veral in die lig van die klem op werksverskaffing deur toerisme en ekotoerisme.

Hartevelt (1995: 63) het die inhoud van die plaaslike en Duitse media vergelyk:

“Die feit dat die Suid-Afrikaanse pers sluipende omgewingsgevaare bespreek, kontekstualisering deur vergelykings en spesifisering van rolspelers verskaf en nie so streeksgesentreerd is soos die Duitse pers nie, laat mens vermoed dat die Suid-Afrikaanse omgewingsberiggewing sedert 1991 ten goede verander het.”

Roux (1994: 118) glo ook die toekoms van omgewingsjoernalistiek in Suid-Afrika rooskleuriger word:

“Ook in Suid-Afrika word daar besef dat die media weens sy reikwydte voor is in die wedloop om die omgewing te bewaar. Deur koerante, tydskrifte, die radio, televisie, films, skyfiereekse en musiek word die omgewing onder die publiek se aandag gebring. Die strydbyl van kompetisie is begrawe en elektroniese en persjoernalistiek werk skouer aan skouer om die boodskap van bewaring uit te dra.”

Vir haar is die uitdaging om weg te beweeg van die blote erkenning van omgewingsvraagstukke na meer ondersoekende joernalistiek waar vraagstukke binne konteks ontleed, geïnterpreteer en die gevolge daarvan aan jan en alleman bekend gemaak word.

“Die media moet die publiek help om te besluit watter omgewingsvraagstukke die belangrikste is en stel sodoende `n openbare omgewingsagenda saam.”

Overton (aangehaal in De Beer, 1993: 287) beskou omgewingsbewaring of die “groen kwessie” as een van die ontwikkelende tendense in Suid-Afrika, gesien in die lig van toenemende verstedeliking, bevolkingsgroei en besoedeling. Sy sê dat aspekte wat vir hedendaagse Suid-Afrikaners vanselfsprekend is, nie vir toekomstige geslagte beskore

sal wees nie behalwe as landsburgers aspekte van hul oorfloedige lewenstyl afskaal en besighede die bewaring van die natuurlike erfenis ondersteun.

## 1.6 Navorsingsonderwerp

Hierdie studie fokus op die identifisering van gepaste kommunikasiemetodes en riglyne wat omgewingsjoernaliste kan volg om te verseker dat 'n kragtige boodskap oor omgewingsbewaring openbare aandag geniet.

Die publiek se belangstelling in die omgewing moet omgeskakel word in direkte omgewingsvriendelike aksies en optrede. Hulle moet opgevoed word oor die positiewe en negatiewe gebeure rondom die natuur sodat 'n ingeligte mening gevoer kan word wanneer besluite geweeg moet word. Davis (1995: 285) stel voor dat die media direkte kommunikasiemetodes inspan om individue te motiveer tot aktiewe optrede oor hul bekommernis oor die omgewing.

Dit word gedoen aan die hand van 'n literatuurstudie oor die toepaslike denkrigtings en raamwerke waarbinne omgewingsjoernaliste funksioneer, die hantering en gebruik van bronne, die onderwerpe wat die meeste nuusdekking verseker en wenke vir die skryf van stories en artikels.

Die identifisering van gepaste kommunikasiemetodes en riglyne vir die gebruik deur omgewingsjoernaliste word gedoen aan die hand van 'n inhoudsanalise van beskikbare bronne. Volgens Rubin en Barbie (1989, aangehaal in Hartevelt, 1995: 5) is dit 'n sosiale navorsingsmetode wat gebruik word om die kommunikasie van mense te bestudeer. Früh (1981, aangehaal in Hartevelt: 1995: 5) beskou dit as 'n empiriese metode wat sistematies en intersubjektief kyk na navolgenswaardige inhoudelike beskrywings en meedelings.

## Hoofstuk 2

# DENKRIGTINGS IN DIE AANBIEDING VAN OMGEWINGSJOERNALISTIEK

Wetenskaps- en omgewingsverslaggewing het in die afgelope dekades ontwikkel tot 'n onafhanklike onderwerpsveld in die joernalistiek. Kommer word egter uitgespreek oor die skynbare vermindering in ondersteuning wat dit geniet teenoor 'n dekade of wat gelede.

Die klemverskille van nuusstories dui grootliks die houding van 'n joernalis (en dus ook sy leserspubliek) oor die onderwerp aan. Deur bewus te wees van die verskillende modelle en denkrigtings binne die omgewingsjoernalistiek, kan verslaggewers hul werk fokus om die beste reaksie te verseker volgens die agendas wat hulle voorstaan.

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die verskillende modelle waarvolgens omgewingsjoernaliste hul werk kan raam en struktuur gee aan hul artikels. 'n Oplossing vir die debat tussen objektiviste en diegene wat aktief 'n subjektiewe styl van beriggewing voorstaan, word ook aangebied.

## 2.1 Inleiding

Die meeste ontdekkings wat die mensdom nog gesien het, is in die era na die Tweede Wêreldoorlog gemaak. Daar was maanlandings, die produksie van mikrogolfoonde en die uitvinding van kernkragsentrales. Hierdie vernuwings het gesorg vir die opbloei en ontwikkeling van wetenskapsjoernalistiek, waaruit velde soos mediese en omgewingsjoernalistiek ontstaan het.

Sedert die 1940's het wetenskapsjoernalistiek deur vier fases gegaan:

1) die fase van beriggewing, 2) die fase van uitleg, 3) die klem op die praktiese toepassingsmoontlikhede en 4) die beoordeling van die maatskaplike gevolge van wetenskaplike en tegniese ontwikkeling (Emous, 1998: 18).

In 1978 was die *New York Times* die enigste Amerikaanse dagblad met 'n spesifieke afdeling vir wetenskapsjoernalistiek. Teen 1986 het 'n ondersoek van die *Scientists' Institute for Public Information* (SIPI) bevind dat 66 dagblaaie 'n weeklikse wetenskapsbylae het, met meer as 80 koerante wat gereelde korter wetenskapsafdelings ingesluit het (Bader, 1990: 88).

Onder die redes wat aangevoer word vir groter belangstelling in die plasing van wetenskapsartikels in Amerikaanse publikasies is:

- Wetenskap en tegnologie het 'n groeiende impak op die lewens van die publiek. Sonder grondige wetenskaplike kennis of opleiding kan hulle uitgesluit word van belangrike besluitnemingsprosesse. Die massamedia word gereken as een van die mees toeganklike beskikbare bronne van deurlopende opvoeding;
- Wetenskaplikes en besluitnemers vrees openbare onkunde oor hul velde van ondersoek kan lei tot 'n afname in openbare befondsing en die onafhanklikheid van navorsing. Die nuusmedia versterk daarom openbare debat oor die wetenskap;
- Die groei van lesersgetalle speel ook 'n motiverende rol. Stories oor die wetenskappe lok veral lesers wat 'n hoër vlak van leesstof soek. 'n Al groter persentasie mense kyk net na televisie as bron van inligting, met al hoe minder mense wat lees (Bader, 1990: 88).

Met hierdie motiewe in gedagte, rig omgewingsjoernaliste telkens die agenda waarvolgens hulle nuus aanbied, die keuses oor nuuswaardigheid maak en besluit watter fokus met betrekking tot styl en inhoud hulle op 'n onderwerp wil plaas.

## **2.2 Modelle vir wetenskaplike kommunikasie**

Die onopvallende aard van die natuur bied min geleentheid aan lede van die publiek om self eerstehands en interaktief hulself van omgewingsproblematiek te vergewis.

Daarom glo Pade & Schluempmann (1998) dat die wyse waarop inligting oor hierdie onderwerpe aangebied word, vanuit 'n opvoedkundige hoek spesiale aandag moet geniet.

Wetenskaplike kommunikasie word in verskillende modelle ingedeel. Dit sluit in die verspreiding van inligting, die vertolking van inligting, sosiale opvoeding, ersatz-kennis en die interpretasie van die omgewing, die joernalis as populariseerder en die joernalis as onafhanklike waarnemer (Pade *et al*, 1998).

Daar is nie eenstemmigheid oor watter denkraamwerk of strategie die beste mediakopie oor die omgewing sal verseker nie.

So het Pade *et al* (1998) bevind dat talle joernaliste en die wetenskaplikes waarmee hulle 'n onderhoud voer bereid is om valse analogieë en halwe waarhede oor te sien in hul pogings om komplekse feite aan die publiek oor te dra. Daarenteen is daar ander verslaggewers wat ril wanneer 'n teks nie voldoen aan die basiese etiese kodes van die media nie.

Oor die benadering wat joernaliste moet volg, is daar ook nie eenstemmigheid. Detjen (1998: webblad) onderskei twee groepe omgewingsjoernaliste - die klassieke objektiviste teenoor die aktivistiese debateerders.

'n Omgewingsjoernalis se inslag word bepaal deur die mediasektor waarin hy homself bevind. Hoofstroom koerante, nuustydskrifte en televisiestasies word beskou as meer objektief en onafhanklik in hul aanbieding van nuus. Joernaliste wat egter vir omgewingstydskrifte, die alternatiewe pers of vryskut werk, is egter weer geneig om 'n aktivistiese skryfstyl te gebruik (Detjen, 1998: webblad).

Die klassieke objektiviste hang objektiwiteit bo alles aan. Hulle beskou hulself as waghonde van die waarheid, wat albei kante van 'n saak sover moontlik moet weergee sodat 'n gebalanseerde blik oor alle uitgangspunte aangebied kan word (Detjen, 1998: webblad).

Volgens Perlman (aangehaal in Blum *et al*, 1997: 5) is wetenskapsjoernaliste (wat omgewingsjoernaliste insluit) in die eerste plek verslaggewers, en kan daarom nie bevooroordeeld wees of botsende belange hê wanneer deurbrake of gebeure gedek word nie.

“Science writers – if they hope to last in their careers and maintain the confidence of their hard-sough sources – eschew hype (unless they drift to the supermarket tabloids). They obey embargoes set by journals or in press rooms at meetings and they make scrupulously clear during interviews that both they and their subjects understand what is off the record or not. They are fair, but they must always recognise that merely counting yeas and nays in a scientific controversy fails to serve the public and is rarely a real guarantee of fairness.”

Booyens (aangehaal in Engelbrecht, 1997: 25) is nie ten gunste van joernaliste wat aktiviste vir `n saak word en so subjektief daarby betrokke raak nie. Hy glo dit is die taak van omgewingsjoernaliste om besluite wat die omgewing raak, te interpreteer en aan die publiek bekend te maak. Dit is net moontlik indien die joernalis grondige kennis het van omgewingskwessies.

Froneman (aangehaal in De Beer, 1993: 263) wil eerder die idee van objektiviteit binne die breë joernalistiek vervang met verantwoordelikheid en billikheid.

Dit stem ooreen met die houding van die aktivistiese debateerders, vir wie objektiviteit onmoontlik is. Omgewingsjoernaliste wat in hierdie groep val, beywer hulself aktief vir veranderinge in die toekomstige kwaliteit van die planeet en lewensomstandighede (Nelson, 1995: 35; Detjen, 1998: webblad).

Nelson (1995: 35) stel die argument van aktiviste so:

“A supposedly neutral article treats both sides of an issue as equal when they are not. Who could favor destroying the ozone layer? Who could support exposing farm workers to lethal pesticides? Being ‘neutral’ on these issues is like fiddling while Rome burns. Reporters must take an active role in persuading the public to act on serious environmental risk.”

Hulle wil mense opvoed oor die ernstige aard van probleme en kwessies. Hulle gebruik die mag en invloed van die media om veranderinge aan die kwaliteit van die lug, grond, natuurlewe en natuurlike hulpbronne teweeg te bring (Detjen, 1998: webblad).

Die nadeel van so 'n houding is die verlies van kredietwaardigheid wanneer openbare vertroue afneem in die aantygings wat 'n joernalis voorstaan. Bevooroordeelde stellings word dikwels deur die publiek as propaganda afgemaak. Joernaliste wat sekere standpunte ondersteun (soos dat die "gat" in die osoonlaag wel besig is om te vergroot) is meer geneig om stories te dek wat daardie stelling steun. Dit verhoed 'n gebalanseerde weergawe van die onderwerp.

Alle subjektiewe beriggewing is egter nie net ter ondersteuning van die omgewing nie. Dowie (aangehaal in Kees, 1998) onderskei sogenaamde teenstrydige ("contrarian") joernalistiek. Hy kritiseer hierdie styl van pro-korporatiewe ("pro-corporate") omgewingsverslaggewing, wat in Brittanje ontstaan het, as skepties en teenstrydig. In 'n poging om meer artikels gepubliseer te kry, het verslaggewers wat voorheen goeie werk vir die wetenskaplike veld gedoen het, besluit om eerder die ander kant van die kwessie te stel asof hulle dit steun.

Dowie (aangehaal in Kees, 1998) verwelkom teenstrydige joernalistiek gedeeltelik, omdat aansluit by die joernalistieke kode om "albei kante" van 'n saak te stel. Hy glo egter die redaksionele ondersteuning daarvan kan die positiewe boodskap van die wetenskap en omgewing ondermyn. Dowie spreek die volgende mening hieroor uit:

"There is so much at stake in terms of the biosphere, in terms of human life, in terms of environmental health, that when a paper of record decides to support and protect a contrarian journalist, I think they have to set a separate set of standards for their work."

Veldtogjoernalistiek is ook 'n voorbeeld van subjektiewe verslaggewing. Volgens Jordaan (1997: 26) word omgewingsjoernalistiek gereeld van veldtogjoernalistiek beskuldig, waarvolgens 'n bepaalde saak bevorder word deur die opoffering van objektiwiteit omdat gebrekkige feite net een kant van die storie weergee. Hy glo



"groen" is `n modewoord wat van `n berig oor `n ontwikkelaar wat die omgewing benadeel, `n "lekker storie" maak.

Die omgewing word uitgebuit binne die denkraamwerk van `n gebruiksgerigte etiek, aangesien joernaliste die natuur gebruik om `n sensasionele storie te skryf wat hul eie belange te bevorder. Vir Jordaan (1997: 26) is dit die gevolg van omgewingsjoernaliste wat nie vertrou is met die ingewikkelde etiese probleme wat met omgewingsbewaring gepaard gaan nie. Dit lei tot eensydige beriggewing, wat, ten spyte van goeie bedoelings as veldtogjoernalistiek uitgekryt word en eerder die saak van die omgewing beskadig.

Die omgewing word indirek skade berokken wanneer leemtes in beriggewing `n verslaggewer se ontoereikende kennis van die onderliggende omgewingsvraagstukke uitwys. Dit kan egter nie net voor die deur van omgewingsjoernalistiek gelê word nie, maar ook voor dié van tradisionele joernalistiek.

`n Navorsingsverslag wat die Universiteit van Stellenbosch se Eenheid vir Omgewingsetiek vir die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (Jordaan, 1997: 27) opgestel het, wys op die wedywerende verhouding tussen persepsies, waardes en beleid.

Persepsies beïnvloed die bepaling van beleid en die manier waarop die natuurlike omgewing verstaan word deur diegene wat daarmee omgaan. Dus lei dit tot die verandering of versterking van persepsies. Hieroor sê Jordaan (1997: 27):

"Onderliggend aan ons persepsies van die omgewing en ons omgang daarmee, lê sekere basiese waardes. Hierdie waardes moet openbaar gemaak en oorweeg word, ten einde `n moreel verdedigbare stel kriteria te ontwikkel, aan die hand waarvan ons denke oor en omgang met omgewingskwessies gerig kan word."

Hierdie ontblotende proses is belangrik omdat waardes dikwels implisiet uitgeleef word en meestal nie direk uitgespreek word nie. Jordaan (1997: 27) glo dit kan kommunikasieprosesse belemmer, wat aanleiding gee tot misverstande, konflik en dikwels geweld. Jordaan sê:

"Ook leef ons in `n era wat gekenmerk word deur radikale verandering op verskillende vlakke. Waardes wat in die verlede aangehang is word nou ontoereikend vir nuwe uitdagings."

Jordaan glo dit is die taak van omgewingsjoernaliste om vertrouwd te wees met botsende waardes wat aanleiding gee tot die onderliggende etiese problematiek van omgewingskwessies.

Dit vergemaklik die proses waardeur waardes en problematiek wat publieke persepsie en beleidsmaking beïnvloed, openbaar gemaak word deur gebalanseerde en noukeurige, feitelike berigging (Jordaan, 1997: 26).

### **2.3 `n Moontlike oplossing: Volhoubare joernalistiek**

Die konsep van volhoubare ("sustainable") joernalistiek kan die onderliggende spanning tussen die handhawing van objektiwiteit en die ondersteuning van subjektiwiteit in omgewingsjoernalistiek met mekaar versoen.

Carl Frankel (aangehaal in Detjen, 1998: webblad), die Noord-Amerikaanse redakteur van die tydskrif *Tomorrow* en skrywer van *In Earth's Company: Business, Environment and the Challenge of Sustainability*, beskryf volhoubare joernalistiek op grond van drie kategorieë:

- 1 ) Dit behels die beste eienskappe van konvensionele onafhanklike joernalistiek, naamlik deeglike navorsing, presiese taalgebruik en regverdige verslaggewing;
- 2 ) Dit streef na die gebalanseerde opvoeding van mense oor die natuur, die belangrikheid van volhoubare ontwikkeling en die moontlikheid om sowel ekonomiese ontwikkeling en `n gesonde omgewing na te streef;
- 3 ) Dit ondersteun dialoog tussen mense in `n poging om oplossings te verseker.

Joernaliste, volgens Frankel (aangehaal in Detjen, 1998: webblad), sien hulself binne die tradisie van die media as die gehoor, eerder as die rolprent:

"But we need to move beyond that now. We all need to be part of the solution, journalists included, and that calls for us to examine the extent which our current professional practices correspond with how we want the world to be."

Volgens Detjen (1998: webblad) ego Frankel se sentimente dié van burgerlike ("civil") joernalistiek. Wanneer joernaliste die riglyne van konvensionele nuus volg is die regverdiging maklik van die wye dekking wat verleen word aan hoogs bevooroordeelde en verdelende kwessies soos die OJ Simpson-moordsaak en die Clinton/Lewinsky-sage wat handel oor bekende persoonlikhede, skandale en misdaad.

Detjen (1998: webblad) voel dat teenoor die gedetailleerde weergawe van hierdie polariserende gebeure in die media, ernstige debatte oor die omgewing, openbare gesondheid, onderwys en die ekonomie egter buite die kader van openbare debat gestoot word. Hy glo die nuusmedia lei die openbare aandag af van belangriker debatte waarbinne daar oor die kwaliteit van lewe besluit moet word.

Vir Detjen (1998: webblad) impliseer die term "volhoubare joernalistiek" dus dat die tyd ryp geword het vir joernaliste om te fokus op die belangriker kwessies in die samelewing. Hy glo dat joernaliste hul mag moet gebruik om op 'n gebalanseerde en regverdige wyse probleme te identifiseer, vir oplossings te soek en die publiek in lewendige debat te betrek.

Hy daag joernaliste wat ingestel is op die publiek, uit om aan hulle redakteurs te sê dat hulle nie meer tevrede is met enkele kolomme vir hul stories wanneer dit oorheers word deur een of ander skandaal oor seks of misdaad nie. Die oormatige aandag wat skandale in die media geniet, is, volgens Detjen (1998: webblad), nie wat Thomas Jefferson met die Amerikaanse grondwet in gedagte gehad het toe hy die hoop uitgespreek het dat 'n vrye pers sal dien as opvoeder van die publiek oor kritieke kwessies van demokrasie nie.

## **2.4 Slot**

Deur die verantwoordelike omgang met feite, inhoud en onderwerpe kan omgewingsjoernaliste `n daadwerklike invloed hê in die opvoeding en inligting van die publiek. Die ondersteuning en uitbreiding van volhoubare joernalistiek speel hierin `n belangrike rol.

## Hoofstuk 3

# DIE GEBRUIK VAN BRONNE

Dit is nie net joernaliste wat besluit watter omgewingskwessies prominensie in die media sal geniet nie. Die identifikasie en konstruksie van belangrike maatskaplike probleme hang grootliks af van die aanspraakmakers ("claims-makers") wat die soeklig daarop plaas (Hansen, 1998: webblad). Spector en Kitsuse (aangehaal in Hansen, 1998: webblad) se definisie van sosiale probleme is dan ook as volg:

"It is the activities of individuals or groups making assertions of grievances and claims with respect to some putative conditions."

Hierdie hoofstuk kyk na die rol van aanspraakmakers binne die omgewingsdebat om maatskaplike probleme te identifiseer. Die fokus val op die verhouding van die media met die twee belangrike bronne van inligting oor die omgewing, naamlik wetenskaplikes en omgewingsdrukgroepe. Die interaksie van hierdie groepe word beskryf, terwyl hul onderskeie strategië en motiverings vir samewerking met die media ondersoek word. Ander bronne wat gebruik word om artikels oor die omgewing te genereer, word aangeraak. Ten slotte word riglyne gegee vir gebruik in onderhoudvoering met verskillende bronne.

### 3.1 Die rol van aanspraakmakers

Weens die onopvallende aard van die omgewing genereer kwessies en sake wat die omgewing beïnvloed nie as 'n reël self die aandag van die publiek nie. Die identifisering en definiëring van aspekte soos armoede, misdaad, dwelmmisbruik en omgewingsbesoedeling as sosiale probleme is belangrik om groter sigbaarheid binne die publieke arena te verseker. Dit stel die publiek se fokus in op die aspekte waaroor hulle bekommerd moet wees, en lei politici en ander besluitmakers se direkte aandag na die kanalisering van wetgewing en hulpbronne om die situasie op te probeer oplos (Hansen, 1998: webblad).

Hansen (1998: webblad) beskou die massamedia as een van die belangrikste openbare arenas waarin die stemme, definisies en standpunte van die regering, openbare sektor, formele politieke instellings, professionele gemeenskappe en drukgroepe aan die publiek weergegee word. Elkeen van hierdie groepe is met mekaar in kompetisie oor wie se standpunte groter legitimiteit sal verkry deur die fokus wat die media daarop plaas. Die media is nie bloot net 'n handige openbare venster nie, maar deur die organisatoriese en professionele kenmerke van die nuusproses speel dit 'n aktiewe rol in die konstruksie, infleksie en raming van gebeure en die standpunte van aanspraakmakers. (Sien ook 4.2.2 Agendastelling).

Om media-aandag vir 'n saak te kry, is telkens die meer dringende taak van aanspraakmakers. In *Prime time activism: media strategies for grassroots organisations* beklemtoon Ryan (1991: 53, aangehaal in Hansen, 1998: webblad) ook die interpretasie van 'n saak:

"Gaining attention alone is not what a social movement wants; the real battle is over whose interpretation, whose framing of reality, gets the floor."

Hansen glo dat die raming van 'n storie binne mediadekking op twee dimensies gegrond is: 1) die seleksie en bereikbaarheid van bronne/aanspraakmakers en 2) die aanbieding/evaluasie van argumente/rolspelers.

Trumbo (aangehaal in Hansen, 1998: webblad) argumenteer dat die seleksie en beskikbaarheid van bronne waardeur aansprake gemaak word, die bepalende faktor is in die aard van nuusdekking oor maatskaplike probleme. In sy analise oor die dekking wat die Amerikaanse media aan klimaatsverandering gee, word 'n sterk verband gevind tussen die tipe aanspraakmakers (onder meer wetenskaplikes, politici en belangegroepe) wat die media as bronne gebruik en die kwaliteit dekking wat verskillende raamwerke verkry. Trumbo huldig die volgende mening:

"Since frames were expressed solely through journalistic licence (creation of headlines), the strong association between frames and the prevalence of claims-makers suggest that changes occurring in the life-course of this issue apparently involved shifts linked to who was getting their message into the media rather than how the media was choosing

to present the information. It may be reasonable, at least in this case, to argue that a good deal of the journalistic discretion that goes into shaping media coverage of an environmental issue occurs by way of deciding which sources to use and how much overall attention to give to the issue."

Hansen (1998: webblad) beskou omgewingsdrukgroepe, wetenskaplikes en kenners, politici, industrië en besighede as die hoofspelers in die omgewingsdebat. Hulle gebruik die wetenskap, die moontlikheid van risiko en oproepe tot morele, etiese en ekonomiese waardes om hul aansprake te maak.

Wetenskaplikes en druggroepe, as hoofbronne van inligting vir omgewingsjoernaliste, het almal verskillende redes waarom hulle met die media sal saamwerk. Dit is noodsaaklik dat hierdie proses voortgesit word om diverse en korrekte berigging te verseker ten einde 'n rol te speel in die beskerming van die omgewing.

## **3.2 Wetenskaplikes as bronne**

Wat sal 'n omgewingstorie wees sonder aanhalings van 'n wetenskaplike of twee waarin die gevaar, gevolg of oorsaak van 'n gebeurtenis verklaar of voorspel word nie?

Wetenskaplikes – as kenners en navorsers – is tradisioneel belangrike bronne vir joernaliste in die klassieke popularisering van wetenskap en tegnologie, in die rapportering van omgewingsprobleme, en die verklaring van kontroversie oor risiko en konflikte oor tegnologie. Hierdie interkulturele interaksie kan egter tot botsende belange en verskillende interaktiewe raamwerke lei wanneer inligting in artikelvorm deur die media aangebied word (Peters, 1998: webblad).

### **3.2.1 Rolle van wetenskaplikes as bronne in die media**

'n Studie deur Vaeliverronen (1998: webblad) oor die wyse waarop koerante berig oor die vernietiging van woude in Finland tussen 1989 en 1995, het identifiseer vyf rolle of

raamwerke waarbinne wetenskaplikes as kenners in omgewingsjoernalistiek en die openbare debat gebruik word. Die rolle is dié van: 1) populariseerder, 2) interpreteerder, 3) adviseur, 4) bestuurder en 5) kritikus.

Vaeliverronen (1998: webblad) glo hierdie raamwerke en rolle reflekteer die algemene kenmerke van openbare diskoers oor die wetenskap en die omgewing.

Binne die raamwerk van popularisering gee die media resultate weer van voortgesette of reeds voltooide navorsing. Wetenskaplikes vervul die rol van neutrale populariseerders, waarin inligting aangebied word as konkrete waarhede waarvoor geen verdere interpretasie nodig is nie.

Wanneer sosiale probleme aangespreek word, kan die wetenskaplike ook gevra word om kommentaar te verleen oor die moontlike problematiek wat nuwe ontwikkeling tot gevolg mag hê. As interpreteerder moet die wetenskaplike dus die publiek oriënteer en inlig oor die navorsing onder bespreking.

In die bespreking van omgewingsbeleid, val die fokus grootliks op die taak van die wetenskap om as adviseur moontlike oplossings aan te bied.

Die eerste drie rolle fokus veral op die uitbreiding van kennis op 'n kontinuumbasis.

Vaeliverronen (1998: webblad) wys egter dat mediadekking egter nie net gemoeid is met die welstand van die omgewing nie. In haar studie het talle artikels kommer uitgespreek oor die stand van wetenskap.

Die raamwerk van regverdiging stel wetenskaplikes voor as die bestuurders van hul navorsing om hul werkgewers en navorsing te bevorder. Hulle moet ook reageer op openbare kritiek wat die kredietwaardigheid van wetenskaplikes as kenners bevraagteken. Die sukses waarmee wetenskaplikes hierdie uitdaging aanpak, het 'n wesenlike invloed op die beskikbaarheid van genoeg fondse om hul werk voort te sit.

Die rol as kritikus is 'n gereelde bron van konflik of kwade gevoelens, omdat teenstrydige menings deur joernaliste ingewin kan word om teenstrydighede of gebreke



in die navorsing van kollegas uit te wys of aansprake te weerlê (Vaeliverronen, 1998: webblad).

### 3.2.2 Die gebruik van joernaalartikels en wetenskaplike publikasies

Joernaliste druk nie net op wetenskaplikes se nommer om `n aanhaling of twee te verskaf om substansie aan `n storie oor `n spesifieke omgewingsprobleem of gebeurtenis te verleen nie. Die werk wat hulle doen, die velde waarin hulle navorsing doen en die ontdekkings wat gemaak word, sorg ook vir `n wye verskeidenheid nuuskopie.

Joernaalartikels, navorsingdokumente en wetenskaplike vaktydskrifte soos *Science* en *Nature* bly `n belangrike bron van inligting en moontlike stories vir joernaliste. Die meeste wetenskapsvelde publiseer hul eie joernale, waarin portuurgroepbeoordeelde ("peer reviewed") artikels geplaas word oor ontwikkelinge in die vakgebied.

Om akkurate inligting te verseker, moet joernaliste kopieë verkry van verslae, dokumente (Nelson, 1995: 2) en joernaalartikels. Dit is daarom belangrik vir omgewingsverslaggewers om navorsingsdokumente deeglik en met insig te kan lees, glo Detjen (aangehaal in Blum *et al*, 1997: 177).

Hy stel die volgende vrae voor waarvolgens joernaliste die belangrikheid van die stellings van wetenskaplikes kan bepaal (aangehaal in Blum *et al*, 1997: 177).

- Is die inligting in `n joernaal wat portuurgroepbeoordeling ("peer review") voorstaan, gepubliseer?

"Peer review helps to screen out incomplete or flawed research. Be suspicious of non-reviewed studies that are being announced at a press conference."

- Wie het vir die navorsing betaal? Detjen sê hy is meer skepties as dit befonds is deur 'n omgewings- of industriële organisasie, eerder as deur 'n gerespekteerde regerings- of akademiese navorsingsliggaam.
- Hoeveel mense was betrokke in die studie? Die statistiese geldigheid van navorsing vergroot meestal by meer omvattende wetenskaplike studies.
- Wie kritiseer die navorsing, en wat is hul reaksie op die nuwe bevindinge?

### 3.2.3 Samewerking met die media

Die openbare aandrag op deursigtigheid en inligting het oor die afgelope dekades 'n invloed gehad op die wetenskaplike veld se houding teenoor sodanige popularisering.

'n Verslag deur die *British Royal Society* in 1985 (Wilkes, 1990: 15; Fells, 1994: 34) het aan wetenskaplikes die volgende opdrag gegee:

"It is clearly a part of each scientist's professional responsibility to promote the public understanding of science."

Garman (1998: 4) motiveer ook wetenskaplikes om geleenthede in die media aan te gryp om hul beeld te bevorder:

"If science is to make any headway in its public awareness campaign, scientists are going to have to learn to work with the media. Scientists cannot expect journalists to automatically comply with demands that they treat them as something unique, as worthy of special attention – they still need to prove themselves. In fact, until science becomes part of the hegemonic culture, they are going to have to play by the media's rules. Scientists need to reintegrate their disciplines into the community, so that the public (and by extension, the media) sees science as a cultural heritage rather than as the domain of an elite. But it is only the scientists who can drive this campaign."

Dit is belangrik om oor 'n algemene begrip van wetenskap te beskik, asook 'n doelbewuste kennis te hê oor die positiewe en negatiewe invloed daarvan op die natuur.

Volgens John Wilkes (1990: 15), direkteur van die *Science Communication Program* van die Universiteit van Kalifornië moet wetenskaplikes beslis tyd maak om met die publiek te kommunikeer, omdat hulle tot 90% van hul kennis oor wetenskaplike aspekte ontvang via koerante, tydskrifartikels, en tot 'n mindere mate televisie. Hy glo selfs net 'n brief in 'n koerant deur 'n wetenskaplike kan al baie doen om die publiek se kennis oor aspekte in sy veld te verbeter. Dit integreer wetenskap in die samelewing waarvan dit telkens verwyderd staan.

Die verbetering van die publieke se kennis oor wetenskap verseker 'n meer ingeligte kieserskorps (Gascoigne & Metcalfe, 1997: 265; Wilkes, 1990: 15; Diamond, 1998: 46). Volgens Diamond (1998: 46) is dit nodig vir die publiek om wetenskap te verstaan omdat dit nie net vir 'n uitgesoekte groepie mense bedoel is nie, maar aspekte van die daaglikse lewe meer verstaanbaar maak.

Wetenskaplikes beskou dit ook as 'n kans om die volgende generasie navorsers te inspireer, (Gascoigne *et al*, 1997: 279; Wilkes, 1990: 15; Diamond, 1998: 46), en tegnologie te oorbrug (Gascoigne *et al*, 1997: 279).

In Australië is 90% van alle befondsing afkomstig van die publiek en openbare sektor. Wetenskaplikes besef toenemend die voordele om via die media besluitnemers in regeringsorganisasies, befondsingsagentskappe of kommersiële vennote te beïnvloed om die nodige befondsing vir verdere navorsing te verkry (Gascoigne *et al*, 1997: 279; Wilkes, 1990: 15; Diamond, 1998: 46). Daarom word bevind dat veral wetenskaplikes wat afhanklik is van onafhanklike befondsing wat nie institusioneel verkry word nie, meer geredelik met die media sal praat om hul saak in die kalklig te stel (Dunwoody & Ryan, 1985: 23).

Volgens Ian Fells (1994: 33), wenner van die *Royal Society Michael Faraday Award*, het wetenskaplikes 'n "liefde/haat" verhouding met die media, aangesien enige suksesse as 'n wetenskaplike bepaal word met die bekendmaking daarvan in publikasies – meestal wetenskaplike joernale. Fells (1994) voel egter dat tye verander – Dit is steeds nodig dat wetenskaplikes in joernale soos *Nature* publiseer, maar wyer dekking het deesdae deel van die wedloop geword om Nobelpryse of ander erkenning

wat befondsing verseker. Artikels in meningsvormende tydskrifte, op radio of televisie is dus nodig.

Persoonlike bevrediging weens mediadekking (Gascoigne *et al*, 1997: 280; Wilkes, 1990: 15), beter salarisse (Diamond, 1998: 46), asook 'n verhoogde korporatiewe beeld en publieke profiel van die organisasie en navorsing waarby hulle betrokke is (Gascoigne *et al*, 1997: 265-282; Wilkes, 1990: 15) beïnvloed ook wetenskaplikes se bereidheid om saam met joernaliste te werk.

Dit bied 'n goeie meganisme vir terugvoering en evaluering, terwyl dit wetenskaplikes ook die geleentheid bied om hul netwerk van kontakte uit te brei en die internasionale prestige van hul organisasies te verbeter (Gascoigne *et al*, 1997:279).

Nie alle wetenskaplikes huldig dieselfde openheid en bereidwilligheï om 'n bydrae te maak tot die popularisering van hul studieveld of die opvoeding van die publiek nie. Die gebruik van wetenskaplikes as bronne en die popularisering van die wetenskap en omgewing is nie sonder kritiek nie. Volgens Vaeliverronen (1998: webblad) word die invloed van popularisering gereeld gekritiseer binne die studies van die wetenskap, omgewing en media. Die konsepsualiseringsmetodes waarbinne die wetenskaplike professie in die media voorgestel word, word as te eng en te wetenskapgesentreerd gesien om 'n wesenlike invloed op houdings en kennis te kan hê. Hierdie rolle en voorstellings is egter nog nie sistematies ondersoek nie.

Peters (1998: webblad) vind die fokus van die media op die bedrywighede van wetenskaplikes ironies, omdat hy die inligting en opvoeding van die publiek nie as die primêre doelstelling van die werkswyse van wetenskaplikes sien nie. Hy beskou die meeste wetenskaplikes as onervare woordvoerders wat nog nie aangepas het by die media-speletjie nie. Daarteenoor het politici met sukses geleer om mediablootstelling tot hul voordeel te gebruik.

Volgens Hartz en Chappell (1998: webblad) staan joernaliste maklik krities teenoor wetenskaplikes vir wie hulle as eng-gefokus, self-gesentreerd, koud en arrogant beskou. *They are somewhat superior in their attitude to those not of their world, som*

Ted O'Brien (aangehaal in Hartz *et al*, 1998: webblad), nuusredakteur van die WABU-TV in Boston die situasie op.

Ten spyte van die vrese wat wetenskaplikes so maklik oor joernaliste huldig, glo Hartz *et al* (1998: webblad) dat die meeste ervare joernaliste goed opgelei is en oor `n breë lewensbeskouing beskik. Hulle word gereken as uitstekende storievertellers, goeie luisteraars, skerp onderhoudvoerders, wydberese en wydbelese persone wat geredelike toegang het tot goeie bronne en naslaanmateriaal. Indien hulle gedwing word om kant te kies, vermoed Hartz *et al* (1998: webblad), dat hierdie joernaliste eerder vir die saak van die "underdog" veg.

Die geskilpunte tussen die media en die wetenskaplikes vir wie hulle as bronne gebruik, word verklaar deur die ooreenkomste en verskille wat daar tussen die twee groepe is.

### **3.2.3.1 Ooreenstemmende kenmerke**

Joernaliste kla maklik dat die wetenskaplikes wat hulle nader om inligting, onbehelpsaam en terughoudens is. Wetenskaplikes, daarenteen, het weer `n broertjie dood aan joernaliste wat hulle druk vir inligting, en dit dan nie volledig weergee nie.

Dalk lê die spanning juis in die feit dat daar soveel ooreenkomste is tussen joernaliste en die wetenskaplikes wat hulle in hul omgewings- en navorsingstories as bronne gebruik. Die verskillende in benaderingswyse word in 3.2.3.2 bespreek.

Albei groepe is ondersoekers en soekers van die waarheid, wat nie bereid is om sonder meer vir aspekte van die ware feite terug te deins nie. Beide groepe aanvaar dit nie maklik as buitelanders soos politieke drukgroepe inmeng of voorskiftelik is oor hul werk nie. Dit, volgens albei groepe, dui in met die integriteit van legitieme navorsing en ondersoek. Inderwaarheid word enige sodanige inmenging gesien as `n ontkenning of versteking van die waarheid deur die betrokke organisasies of groepe (Hartz *et al*, 1998: webblad).

Intense kompetisie tussen kollegas in beide velde is baie algemeen. Soos George Bernard Shaw gesê het: *You don't learn to hold your own in the world by standing on guard, but by attacking, and getting well hammered yourself.* (Hartz *et al*, 1998: webblad)

Felle self-kritiek en deurlopende selfondersoek is kenmerkend van albei velde. Oor verslaggewers se neiging hiertoe sê veteraan televisiejoernalis Walter Cronkite (Hartz *et al*, 1998: webblad):

"I don't think there's any profession today or occupation that spends more time looking at its own navel than we do".

ʼn Skeptisisme wat grens aan sinisme en sterk ego's wat kan lei tot konfrontasie met mense wat hulle teengaan of te na kom is algemeen by albei groepe. Binne hul eie groepe kan hulle uitbundig voorkom, maar word maklik gekarakteriseer as alleenlopers indien hulle buite die veilige ruimte hul saak moet stel (Hartz *et al*, 1998: webblad).

Ten spyte van die ewige soeke na waarheid en oorsaak, moet die lede van albei groepe telkens tevrede wees met halwe waarhede in die beoefening van hul beroepe. ʼn Wetenskaplike werk binne die parameters van hipoteses wat opgestel is. Hierby word die resultate van eksperimente gevoeg om die kennis-basis te vergroot. Joernaliste, daarteenoor, werk binne die beperkinge van daaglikse spertye, wat hulle skaars genoeg tyd gee om stories te hersien soos wat nuwe inligting beskikbaar word.

Die beperkings van spertye of hipoteses veroorsaak dat joernaliste en wetenskaplikes dikwels beskuldig word van die selektiewe interpretasie van data (Hartz *et al*, 1998: webblad).

In die joernalistiek, net soos in die wetenskap, word onderskei tussen algemene verslaggewers en spesialiste. Algemene verslaggewers dek ʼn wye reeks onderwerpe as nuusstories, terwyl spesialisskrywers fokus op spesifieke velde soos politiek, ekologie, besigheid, sport, kos, kuns of wetenskap.

### 3.2.3.2 Mediavaardighede

Gascoigne *et al* (1997: 278) glo die beskouing van lede van die wetenskapsprofessie direk hang regstreeks af van hul graad van ondervinding met interaksie met die media.

Diegene met gebrekkige ondervinding is meer geneig tot 'n negatiewe houding. Hulle wantrou maklik en bevraagteken die media se potensiaal om enigsins 'n bydrae te lewer in hul veld. Hulle is veral bang vir waninterpretasie, onakkuraatheid, en die verlies van beheer. Vir hulle is die media uitbuiters en manipuleerders. Hulle oordeel die kwaliteit van mediadekking op grond van die getal harde en feitlike materiaal in 'n artikel. Min waarde word geheg aan stories met gebrekkige wetenskaplike inhoud, ten spyte daarvan dat dit 'n houdingverandering by die publiek tot gevolg mag hê. Hulle het ook 'n swakker politieke bewussyn.

Met 'n fokus op die invloed van 'n gebeurtenis op die publiek en die gebruik van 'n gemaklike, vermaaklike "gee whiz" skryfstyl vind omgewings- en wetenskapsjoernaliste aanklank by 'n breër openbare spektrum. Wetenskaplikes met 'n ongesofistikeerde benadering tot die media sien egter nie die invloed hiervan raak nie, of besef nie die beperkinge waaronder joernaliste werk nie, aangesien hulle artikels beoordeel volgens hul eie wetenskaplike terme 'n fokusverskuiwing weg van die wetenskaplike proses self wantrou. Dit lei selfs tot die geloof dat die massamedia minder in die wetenskappe belangstel as in enige ander onderwerp.

Daar is egter 'n positiewe interaksie tussen wetenskaplikes met bewese mediavaardighede en veral senior verslaggewers wat skryf oor die wetenskap, omgewing en tegnologie. Vereenvoudigings en onakkuraatheid in die media word makliker oorgesien omdat hulle die tekortkominge van joernaliste verstaan en aanvaar. Hulle het 'n skraler kans om slagoffers van die media te wees, maar weet eerder hoe om die media te gebruik ter bevordering van hul eie agenda of dié van die organisasie waarvoor hulle werk.

Wetenskaplikes met 'n sterk media-agtergrond verstaan die behoeftes van joernaliste in die verskillende mediagroepes met die aanbieding van nuus. So verkies die radio 'n

groter vermaakwaarde en goeie beskrywings met 'n gemaklike taalgebruik, terwyl die visuele impak van 'n storie vir televisie van groter belang is. Binne die drukmedia word 'n kombinasie van beeld en vereenvoudigde taalgebruik gesoek (Gascoigne *et al*, 1997: 275).

Gascoigne *et al* (1997: 275) het egter bevind dat ongeag die graad van mediavaardighede waarvoor wetenskaplikes beskik, hulle versigtig bly vir die moontlikheid dat ontydige mediadekking of die verkeerde invalshoek onnatuurlike verwagtinge voortydig by die publiek en bedryf kan skep.

### 3.2.3.3 Professionele oorwegings

'n Beter begrip van hul werk deur die publiek kan net tot die wetenskap se voordeel wees. Reg. Daarom sal navorsers hul kollegas ondersteun wat wetenskap deur die media populariseer. Verkeerd.

Navorsing deur Gascoigne *et al* (1997: 276) wys wetenskaplikes beskou samewerking met die media as 'n opsionele aktiwiteit en nie 'n basiese deel van hul dagtaak nie.

Die spesifieke wetenskaplike studieveld het 'n invloed op die mate van ondersteuning wat 'n wetenskaplike in die populariseringsproses van sy kollegas kan verwag. Evolusionêre biologie, die mediese wetenskappe en molekulêre biologie is positief ingestel teenoor die media, maar nie die velde van chemie, wetenskap en sterrekunde nie (Diamond, 1998: 46).

Die populariseringsproses vind ook groter byval by kollegas indien die klem van media-aandag op 'n spesifieke ontwikkeling of ontdekking val eerder as op 'n wetenskaplike persona, en wanneer die klem val op die kennisuitbreiding van 'n akademiese groep of kleiner fokusgroep eerder as dié van die wyer publiek (Diamond, 1998: 46).

Volgens die sosiologie van wetenskap is "goeie" wetenskaplikes aktief betrokke by navorsing en word hulle daarvolgens beloon. Die sosiale sisteem is egter baie



selfpolisiërend met 'n gebrekkige beloningstelsel vir wetenskaplikes wat aktief pogings aanwend om die publiek 'n beter begrip van hul veld te gee (Dunwoody *et al*, 1985: 23).

Omdat die wetenskaplikes glo hul eerste plig lê teenoor hul kollegas en studieveld, geniet die belang van die publiek vir inligting oor moontlike risiko nie voorrang bo dié van institusionele instellings soos die soms uitgerekte stelsel van portuurgroepbeoordeling ("peer reviewing") nie (Dunwoody *et al*, 1985: 23).

Professionele jaloesie oor die aandag wat wetenskaplikes met 'n hoë mediaprofiel geniet, kan ook steun aan hulle verminder. Volgens Wilkes (1990: 15) word die spot soms gedryf met akademici wat publieke bekendheid verwerf en kan hulle binne hul eie geleedere eintlik aansien verloor. Fells (1994: 34) het ook gevind dat wetenskaplikes wat min mediavaardighede het, hul media-vriendelike kollegas sien as selfgesentreerd, triviaal en nie werklike ernstig oor hul werk nie. Die bekende Amerikaanse wetenskaplike en sterrekundige Carl Sagan (aangehaal in Harz *et al*, 1998: webblad) het gesê:

"A scientist who devotes his life to studying something arcane like the hyperfine structure of the molybdenum atom, and whose work is ignored by everyone except the world's three other experts on molybdenum, naturally is jealous and outraged to see reporters hanging on me for my latest pronouncement about the possibilities of extraterrestrial life"

Wetenskaplikes kan hulle ook skaam oor die oordeel van kollegas wanneer hul werk op 'n eenvoudiger wyse verduidelik word in die media. Daarom is hulle geneig om krities te wees in hul uitsprake oor artikels wat skynbaar oor gebrekkige tegniese of wetenskaplike detail beskik (Gascoigne *et al*, 1997: 276).

Bevindinge uit die navorsingsverslag van Gascoigne en Metcalfe (1997: 280), waarin die mening van 178 Australiese wetenskaplikes gevra is oor hul betrokkenheid by die media, het implikasies vir die werkswyse van bestuurders van navorsingsinstansies en organisasies. Volgens die wetenskaplikes ervaar hulle gebrekkige ondersteuning of entoesiasme van die navorsingsorganisasies waarby hulle betrokke is. Gascoigne *et al*

(1997: 280) glo hierdie ervaring is nie net tot Australië beperk nie, maar is eerder universeel.

Soos in enige beroep, is bevorderingsgeleenthede en geldelike vergoeding ideale maniere vir werkgewers om bedrewe werknemers te motiveer. 'n Gebrekkige beloningstelsel vir populariseringswerk word egter gevind by die meeste navorsingsinstansies. Die meeste wetenskaplikes glo dat media-aktiwiteite 'n neutrale of negatiewe impak het op hul bevorderingsgeleentheid (Gascoigne *et al* 1997: 276; Diamond, 1998: 47; Dunwoody *et al*, 1985: 23).

Diamond (1998: 47) het gevind dat veral senior wetenskaplikes gereeld met die media saamwerk:

"They wait until they have tenure and are thereby better able to withstand their colleagues' hostility. Young or nontenured scientists are relatively mute before the public because they realize that to be otherwise could mean the kiss of death."

Hy voel egter dat jong wetenskaplikes moet leer om doeltreffend met die media te kommunikeer, omdat hulle die aktiefste betrokke is in die navorsingsveld, die beste rolmodelle vir die jeug is en nie las het van administratiewe pligte nie.

By veral akademiese instellings waar publikasierekords 'n belangrike rol speel, geniet artikels in die populêre media nie dieselfde erkenning as artikels wat in wetenskaplike joernale gepubliseer word nie (Wilkes, 1990: 15; Gascoigne *et al* 1997: 284). Daarom redeneer Gascoigne *et al* (1997: 281) dat indien werkgewers meer waarde toeskryf aan populêre artikels, wetenskaplikes meer geredelik tyd sal afstaan aan joernaliste eerder as om hulself net toe te spits op die skryf van joernaalspesifieke artikels.

Talle wetenskaplikes skram weg van media-aandag weens die beperking van institusionele grense en kommersiële verpligtinge teenoor befondsers. Veral tussen organisasies in die kommersiële arena is mededinging sterk. Uit vrees dat inligting voortydig uitgelek word aan opponente, is geheimhouding dus sterk (Gascoigne *et al* 1997: 280; Dunwoody *et al*, 1985: 24).

Wetenskaplikes lys ook 'n gebrek aan toegang tot geskoolde kommunikasiekundiges om hul werk te bemark en tydsdruk as struikelblokke in hul werksverhouding met die media (Gascoigne *et al* 1997: 280).

#### **3.2.3.4 Verskil in standaarde**

Jim Loy van WOOD-TV in Michigan (aangehaal in Hartz *et al*, 1998: webblad) glo *Scientists and journalists have a lot in common in the search for knowledge and nothing in common when it comes to reporting results.*

'n Regsanalogie is gepas om die verskil in standaarde te verduidelik wat deur die twee professies nagejaag word, en wat telkens tot misverstande lei. Wetenskaplikes benader hul beroep soos in 'n kriminele saak, waarin bewyse bo redelike twyfel gesoek word. Die joernalistieke bedryf, daarenteen, is soos 'n siviele saak waarin 'n oorwig van informasie die skaal sal swaai (Hartz *et al*, 1998: webblad).

#### **3.2.3.5 Tydsaspekte**

Die horlosie is 'n struikelblok wat telkens in die pad van goeie verhoudinge tussen die media en wetenskaplikes staan. Binne die raamwerke van akkuraatheid, belangrikheid en tydigheid, is albei beroepe gemoeid met die insameling van inligting wat groter lig kan werp op gebeure in die omgewing en in die natuur. Wetenskaplike navorsing neem soms jare om een bevinding te kan bevestig, terwyl joernaliste deurlopend spertye moet jaag en al gister antwoorde op hul vrae wou hê (Hartz *et al*, 1998: webblad).

Omdat talle navorsingsresultate, buite konteks gesien, nie sonder meer nuuswaardig of 'n deurbraak is nie, is wetenskaplikes ook nie geneig om met hul bevindinge na die media te hardloop alvorens oplossings vir die hele probleem gevind is nie (Hartz *et al*, 1998: webblad; Carmody, 1995: webblad).

Om van 'n verslaggewer te verwag om nie oor 'n kontroversie te rapporteer voordat die oplossing daarvoor gevind is nie, is egter soos om vir 'n rugbyondersteuner te verbied om opgewonde raak as sy span punte aangeteken het. Die nuuswaardigheid van 'n storie lê grootliks in die onmiddellike aard daarvan. Daarom sal joernaliste met die nodige oordeel van die informasie tot hul beskikking bereid wees om, in die oë van wetenskaplikes, voortydig publisiteit aan 'n saak te verleen (Hartz *et al*, 1998: webblad).

### 3.2.3.6 Taalgebruik

Die verskille in taalgebruik tussen die twee groepe kan 'n Babelse verwarring veroorsaak.

Wetenskaps- en omgewingsjoernalistiek gebruik 'n verskillende kommunikasie-strategie as 'n navorsingsverslag oor dieselfde onderwerp. Joernaalartikels vermy eerder vereenvoudiging, terwyl presisie, tegniese terme, korrekte argumente, kwalifiserende beskrywings, 'n onpersoonlike skryfstyl en alle moontlike detail ingespan word. Daarteenoor gebruik die populêre media meer poëtiese, lewendige taal, die eerste persoon en 'n aktiewe skryfstyl (Diamond, 1998: 48).

Daarom ignoreer of vereenvoudig joernaliste telkens die presiese, gekwalifiseerde vaktaal waarmee wetenskaplikes hul navorsing op tentatiewe wyse aanbied (Hartz *et al*, 1998: webblad). Joernaliste beskou wetenskaplikes as langdradig, te tegnies en geneig om te veel klem op detail en akkuraatheid te lê (Fells, 1994: 33).

Daarom is talle wetenskaplikes huiwerig om met die media te praat uit vrees dat hul navorsing verdraai of verkeerdelik uitgebeeld sal word. Hulle beskou joernaliste as onpresies en onbetroubaar. In Oscar Wilde se woorde (aangehaal in Hartz *et al*, 1998: webblad) is 'n lid van die media *a man who knows the price of everything and the value of nothing*.

Oppenheimer vind die spanning tussen wetenskaplikes en joernaliste ironies (aangehaal uit Hartz *et al*, 1998: webblad):

"The irony is that both journalists and scientists consider themselves fastidious users of language. The problem may lie in the ends to which each uses words and in the fact that identical words may assume different meanings within the differing contexts of science and news. Often the very fact that the words of science are the same as those of our common life and tongue can be more misleading than enlightening, more frustrating to understanding than recognizable technical jargon. For the words of science "relativity or "atom" have been given a refinement, a precision and in the end a wholly altered meaning. "

Die toenemende spoed waarmee inligting versprei word binne die tegnologiese ontwikkeling binne die media, maak dit belangriker as ooit dat die taalbrug oorgesteek word sodat joernaliste vinnig die nuuswaardige belang van 'n storie kan bepaal. Waar spertye voorheen meestal net een keer per dag 'n joernalis in die gesig gestaar het, word deesdae deurlopend opdateer weens ontwikkelings soos die Internet en 24-uur nuusdekking deur televisiekanale. Die verbetering van tegnologie en verkorte spertye plaas egter meer druk joernaliste, aangesien die kans op foute of die gebruik van verkeerde inligting verskerp (Hartz *et al*, 1998: webblad).

### 3.2.3.7 Foutgrense

Kennis, volgens die geskiedkundige Christopher Lasch (aangehaal in Hartz *et al*, 1998: webblad) word verkry wanneer 'n waarnemer (verkieslik een wat wetenskaplik opgelei is) 'n kopie van die realiteit verskaf wat herkenbaar is.

Die hipoteses wat navorsers as realiteit beskou, kan met geldige toetse as reg of verkeerd bepaal word. Daarteenoor bevind joernaliste hulself telkens in dubbelsinnige situasies waarbinne 'n oordeel gevel moet oor die waarheid van 'n storie, gegewe slegs die inligting tot hul beskikking.

Joernaliste maak meestal staat op ooggetuies, verslae en interpretasies deur tweede en derde partye, wat dikwels met verskuilde agendas hulp sal verleen. Om moontlike foute te voorkom, fokus verslaggewers op inligting wat bevestig kan word, terwyl gekwalifiseerd te werk gegaan word met spekulatiewe aspekte. Soos `n wetenskaplike verslag sal `n goedgeskryfde nuusstorie feite en inligting weergee, terwyl ruimte gelaat word vir ander interpretasies wat uit die beskikbare data blyk. Dit stem ooreen met die wetenskaplike beginsel dat eksperiment so saamgestel moet word dat die waarheid van `n hipotese getoets kan word deur die resultate (Hartz *et al*, 1998: webblad).

### **3.2.3.8 Objektiviteit teenoor subjektiviteit**

Die kwessie van objektiviteit vs subjektiviteit hang sterk saam met die hantering van foutgrense, soos in 3.2.3.7 bespreek is.

Wetenskap funksioneer volgens die basiese uitgangspunt van objektiviteit. Hiervolgens moet die egtheid van navorsingsresultate bewys word en moet die bevindinge herhaalbaar wees. Weens die vrees vir ontmaskering deur kollegas of die media, streef die meeste navorsers die ideaal van onbevoordeeldheid na. Die akkuraatheid van navorsing word getoets deur die resultate wat verkry word. So word dit as korrek bestempel as `n entstof daarin slaag om `n siekte te genees, of `n nuwe skoonmaakproses lei tot laer vlakke van waterbesoedeling.

Die verskynsel van kwasi-wetenskap ("junk science") wys egter dat dit alle navorsingsresultate nie geldig of betroubaar is of selfs betekenisvol is nie (Hartz *et al*, 1998: webblad).

Juis omdat die wetenskaplike sterk steun op waarneming, hipoteses, toetsing, teorie, bewyse en portuurgroepbeoordeling ("peer review") kan dit maande neem vir die publikasie van navorsingsresultate. Die wetenskaplike proses is nie naastenby so vinnig soos die spoed waarteen joernaliste werk om wenke op te volg, bronne te toets, kommentaar en bykomende inligting in te win en feite te toets tot die eindproduk gewoonlik op dieselfde dag nog gepubliseer of gebeeldsend word nie.

Joernalistiek is grootliks `n subjektiewe bedryf, ten spyte daarvan dat die beginsel van objektiwiteit `n deurlopende motief bly (lees ook 2.2). Vir talle joernaliste is die beginsel van regverdigheid in die aanbieding van stories van groter belang as objektiwiteit.

Die mediabedryf is spekulatief, aangesien joernaliste selde enigiets met 100% sekerheid kan bepaal. Akkurate voorspellings van die uitkoms van `n gebeurtenis, soos die vredesproses in die Midde-Ooste of die invloed van `n beskadigde rioolpyp op die omgewing is onmoontlik terwyl die gebeurtenis nog aan die gang is.

Die onvoorspelbare reaksie van die publiek het ook `n verhoogde of wisselende effek op `n onderwerp. So kan die betrokkenheid van `n burokraat in `n watersuiweringsproses in twyfel getrek word omdat dit gesien word as politieke uitbuiting eerder as `n opregte bekommernis oor die stand van die natuur, terwyl geen haan weer kraai oor ander gevalle nie.

### **3.2.3.9 Steun van die publiek**

Volgens Garman (1998:1) het die wetenskaplike bedryf in Suid-Afrika tot sy reg gekom in die apartheidsjare.

"There was plenty of money available and accountability was at best not required and at worst actively discouraged. The vast majority of the South African population are still excluded from a decent scientific education and for many of those who are given access to proper education the style and content was, and still is, such that science is often alienating. Those people who do go into science are essentially survivors of a system that is exclusivist."

Die dae is egter verby waarin navorsing en ontwikkelingswerk ruimskoots befonds word in die naam van "nasionale" belange soos apartheid en die Koue Oorlog. Met groter deursigtigheid het ook groter verantwoordelikheid gekom vir wetenskaplike onderwerpe. Dit is `n blywende vrees dat die publiek, wat die grootste deel van hul navorsingswerk befonds, hul ondersteuning sal onttrek. Befonding word toenemend toegeken aan projekte met `n gunstige koste/bate ratio, waarvan die resultate van die

navorsing omgesit kan word in produkte wat verbruikers kan bevoordeel (Hartz *et al*, 1998: webblad).

Oor die koppe van die media hang ook die swaard van openbare ontevredenheid oor die diens wat hulle lewer. Dalende sirkulasie- of kykersyfers lei tot die sluit van koerante of televisieprogramme. Joernaliste moet veg teen die bestuur van hul publikasies en ander hekwagters wat groter belang het in hul aandele en sirkulasiesyfers as die stories wat geplaas word. Daarby sukkel hulle om 'n gehoor te betrek wat al minder belangstel wat hulle skryf, maar tog toenemend meer gebombardeer word met inligting (Hartz *et al*, 1998: webblad).

Negatiewe publisiteit oor planne wat skeefloop, navorsing wat omstrede is of die uitlek van sensitiewe inligting veroorsaak 'n skuheid vir die media by talle wetenskaplikes. Kontroversie, nuwe ontdekkings en konflik is egter die aspekte wat goeie nuuskopie maak en leserstalle aanvuur. Hieroor sê Garman (1998:2):

"The media have an insatiable appetite for politics, gore (if it bleeds it leads) and controversy and where science contributes to these, it will make it into the papers and onto TV and radio – as was the case with (the cloning of the sheep) Dolly."

### **3.2.4 'n Mediastrategie vir wetenskaplikes**

Ten spyte van die tradisionele geskilpunte tussen joernaliste en die wetenskaplikes wat hulle as bronne gebruik, as alles nie verlore vir hierdie verhouding nie.

Volgens empiriese navorsing van die verhouding van wetenskaplikes en verslaggewers as joernalis-bron interaksie tydens die joernalistieke navorsingsproses in Duitsland, vind Peters (1998: webblad) dat die algemene tevredenheid daarvan in die afgelope jare verbeter het. Hy vind egter ook dat wetenskaplikes nog in 'n groot mate gefrustreerd en krities is teenoor die eindproduk van 'n program of artikel wat gelewer word oor hul werk.



Peters (1998: webblad) het die misverstande oor inligting en gedrag, vasgelegde en verwagte rolle van albei partye, magstrukture en verskillende oogmerke ondersoek in sy studie. Sy bevindinge word ondersteun deur 'n studie in 1997 deur Arnold Stroemer (1998: webblad) oor die houding van Duitse wetenskaplikes teenoor joernaliste wat in hul veld bedrywig is. Hy het bevind dat die gemiddelde tevredenheid van wetenskaplikes met die werk van joernaliste verdubbel het in meer as 'n dekade.

Stroemer het grotendeels 'n studie van Hans Peter Peters en Jens Krüger in 1984 gedupliseer deur van bykans dieselfde vraelys gebruik te maak. Hy het gevind dat wetenskaplikes die werk wat joernaliste in hul veld doen, meer krities beskou as wat die geval is in enige ander kategorie wat deur die joernalistiek gedek word. Hy het egter ook bevind dat nie alle wetenskaplikes negatief staan of dieselfde opinie huldig oor die media nie

Die vyandigheid wat daar teenoor joernaliste gevoel word as sensasionaliste, is volgens Salomone, Greenberg, Sandman & Sachsman (1990: 117) nie altyd regverdig nie. Hul navorsing oor die wyse waarop joernaliste en bronne van informasie die dekking van gevare vir die omgewing evalueer het gevind dat tradisionele nuusbronne soos wetenskaplikes en woordvoerders vir regerings- en industriële groepe meer geïnteresseerd is in die handhawing van die status quo as wat joernaliste en omgewingsdrukgroepe is om dit te ondermyn.

Garman (1998: 4) beskou die veldtog van veral Suid-Afrikaanse wetenskaplikes om hul boodskap in die media uit te dra, as 'n beweging ("movement").

"I use the word 'movement' very deliberately, as it implies an ongoing process which gathers support as it moves forward. Science's return to the public forum has, in itself, not created enough interest to sway media attention towards it. It is not enough to announce 'Hi honey, I'm home' and expect the media to come running. Scientists still have to work hard to prove themselves to the public and the media."

Hy bied verskeie strategieë vir wetenskaplikes aan om die media met sukses te gebruik:

- Wetenskaplikes moet leer hoe die media funksioneer. Deur "media savvy" te raak kan wetenskaplikes verstaan waarom joernaliste aandring op eenvoud en duidelikheid. Hy haal Lord Porter aan:

"Scientists need to be tolerant of those who may seem to oversimplify science or present it in a 'pop' way, if these methods help to bridge the gap between science and the public."

’n Organisasie soos die *National Association of Science Writers* bied handleidings soos *Communicating Science News* aan wat wetenskaplikes inlig oor die verskillende mediatipes, werksyuses, die organisering van mediageleenthede en die hantering van kritiek op die gebruik van die media .

- Die media is nie wetenskaplikes se onkritiese openbare skakelbeamptes nie. Dit bied eerder ’n goeie weergawe van die openbare houding teenoor ’n onderwerp en ’n hulpmiddel wanneer wetenskaplikes in gesprek met die publiek wil tree.

"Most journalists do not subscribe to what Susan Nkomo refers to as 'an assumed, inherent good in science which the public remains ignorant of and which, if harnessed will lead to public good.'"

- Maak kontak met joernaliste wat simpatiekgesind is teenoor die wetenskap en help hulle so ver moontlik;
- ’n Proaktiewe houding is nodig om advertensieagentskappe te oortuig dat onderwerpe soos die wetenskap en omgewing wel gewild is onder die publiek en dus meer kopie verdien. Plaaslike navorsing wys dat die Discovery Channel DSTV se naasgewildste kanaal is (Garman 1998: 4);
- Navorsing moet gedoen word om die vraag na wetenskap in die media te bepaal;
- Wetenskap moet deur meer aktiewe publisiteit sigbaar in die media gemaak word;
- Die professionele verenigings van die verskillende wetenskaplike dissiplines moet hulle ook op mediaskakeling toelê;

- Identifiseer wetenskaplikes wat goed met die media en die publiek kommunikeer om as verteenwoordigers op te tree;
- Beloon diegene wat aktief betrokke is in die popularisering van hul studieverde. Bevorderingsgeleenthede is `n voorbeeld hiervan;
- `n Kommunikasie-etiek moet ontwikkel word, waar publikasiegeleenthede buite wetenskaplike joernale ook nagejaag word. Garman motiveer dit as volg:

"On average, apart from the referees, only one other person reads a scientific publication. The *Sunday Times* sells about 350 000 copies per week."

- Die media se nuusagenda moet uitgedaag word om omgewings- en wetenskapsnuus as nuuswaardig te beskou;
- Wees bewus van gebeure in die nuus, sodat aaneenskakeling daarmee gevind kan word. Wanneer kerntoetse elders in die wêreld uitgevoer word, is dit die ideale kans vir die publisering van plaaslike stories oor kernfisika of die invloed daarop op die omgewing;
- Daag die media se persepsie uit oor wat wetenskap is;
- Gebruik populêre rubrieke om inligting oor die wetenskap te versprei. Tuinbou-, voedsel- of mediese rubrieke is ideale hulpmiddels hiervoor;
- Die omgewingsindustrie het suksesvol `n mediabedryf ontwikkel wat parallel met die nuusmedia funksioneer, soos in die geval van *National Geographic* (Garman, 1998: 4).

### 3.3 Die ontwikkeling van drukgroepe

*Greenpeace*, *Friends of the Earth*, *People's Global Action*, *South Africans for the Abolition of Vivisection* (SAAV) en *Beauty without Cruelty* – hierdie is slegs enkele van die magdom omgewingsdrukgroepe van wisselende grote en invloed wat hul bydrae wil maak tot die beskerming van die omgewing. Nie-regeringsorganisasies soos die Dierebeskermingsvereniging en die Suid-Afrikaanse Bloukraanvoëlvereniging word ook hierby ingesluit.

Sommige bewegings fokus op `n breë spektrum omgewingsverwante onderwerpe. Talle organisasies verkies egter om hulself te beywer vir spesifieke sake, wat kan wissel van die reënwoude, walvisse, renosters, skoner lug tot die bewaring van `n enkele bedreigde skoenlapper.

SAAV, byvoorbeeld (Swift, 1997: 113), is `n organisasie wat hulself beywer vir die afskaffing van viviseksie op grond van etiese, mediese en wetenskaplike redes. Hulle verwerp die strategie om eksperimente met diere te verminder deur blote verskerpte beheer, wetgewing of etiese kodes. Hierdie organisasie, wat uit vrywilligers bestaan, dra hul boodskap uit deur opvoedingsprogramme, regstreekse optrede, steunwerwing ("lobbying") vir wetlike veranderinge en navorsing.

Die Suid-Afrikaanse drukgroep *Beauty without Cruelty* staan ook viviseksie in eksperimente met diere teen. Hulle beveg nie net wreedheid teenoor diere nie, maar ook ivoor- en pelshandel (Swift, 1997:19).

Die omgewingsrevolusie van die vorige dekade, met verskeie drukgroepe aan die voorpunt, se invloed strek veel verder as net die blote beskerming van lug, water, grond en wildlewe, glo Odell (2000: webblad) in `n artikel op die webblad van die *Amerikaanse Environmental Health Centre*.

Omgewingsgesindheid ("environmentalism"), volgens Odell (2000: webblad), het aan die wêreld `n meer verligte regeringstelsel gebied deur die geredelike toegang tot informasie, deursigtigheid en rekenskap:

"Environmental activists and lawyers have pushed hard and successfully to make our democracy a less concentrated, close-to-the-chest operation. For we now have environmental impact statements, more (and fairer) public hearings, more open meetings, more Freedom of Information Act releases, and more citizens empowered to bring lawsuits - which themselves produce valuable information."

Odell (2000: webblad) lys ook die volgende drie sosio-politieke transformasies:

1) die omgewingsrevolusie het `n dramatiese invloed gehad op die idees waaraan mense waarde heg;

- 2) dit het regerings meer deursigtig gemaak vir ondersoek; en
- 3) dit het die analiseringswyse van probleme vernuwe.

Alle omgewingsdrukgroepe het nie in wese die belange van die omgewing en natuur op die hart nie, waarsku Carmody (1995: webblad), stigterslid van die *Society of Environmental Journalism* in die VSA, oor die anti-omgewingsbeweging ("Wise Use of Property Rights movement"). Dit bestaan uit losse georganiseerde netwerke wat die belange beskerm van die "klein outjies" teen die sogenaamde "onregverdig" ekoburokراسیë wat na bewering hul grond of werk wil "steel" sodat 'n klein insek of vleiland gered kan word.

Ten spyte van sogenaamde "groen" name soos die Nasionale Vleiland Koalisie ("National Wetlands Coalition"), glo Carmody (1995: webblad) dat die aktiwiteite van sulke omgewingsdrukgroepe befonds word deur oliemagnate, natuurlike gasmaatskappye, eiendomsontwikkelaars en nywerheidsgroepe. In die Weste is hierdie frontorganisasies meer openlik oor hul bedrywighede in die bevordering van die belange van die mynbou, bosbou en beesboerdery. *Real people with real grievances* kan wel moontlik lede van hierdie organisasies wees, maar dit word egter oorheers deur werknemers van geregleerde industrië, groepe met anti-regeringsentimente wat 'n saak soek om te beveg, en selfs mense wat deur openbare skakelmaatskappye genader word om teen geldelike vergoeding betrokke te raak (Carmody, 1995: webblad).

Carmody (1995: webblad) glo die media word toenemend deur hierdie anti-omgewingsbewuste bewegings gemanipuleer met gemene spel.

Teen 1993 het tien openbare skakelmaatskappye in die Verenigde State van Amerika reeds \$75 miljoen verdien uit steunwerwing ("lobbying") vir die omgewing vir hul korporatiewe belange. Gemeet aan die \$1 miljoen begroting oor dieselfde tydperk van die Sierra Club, die Amerikaanse omgewingsgroep wat die meeste bestee aan omgewingsaktiwisme, is dit voorwaar 'n astronomiese bedrag (Carmody, 1995: webblad).

Die sogenaamde "groen" organisasies oor die hele spektrum heen steun swaar op die media as advertensiebord om blootstelling vir hul saak te verseker. Sodoende word die publiek ingelig en druk op politici en ander besluitmakers geplaas ([www.foe.org](http://www.foe.org)).

*If you don't exist in the media, for all practical purposes you don't exist*, glo joernalis Daniel Schorr in 'n artikel op die webblad van aktivistegroep *Friends of the Earth* ([www.foe.org](http://www.foe.org)). Hierdie is 'n aspek wat die meeste drukgroepe terdeë besef.

Die era van die Koue Oorlog was veral 'n tydperk waarin regerings modernisme, uitgebreide globalisering, sterker beheer en ingryping ondersteun het. Op 'n internasionale vlak is die idee nie bevestig dat organisasies soos die Verenigde Nasies kan optree as 'n soort appèlhof nie. Omgewingsdruk-groepe het hierdie situasie gebruik om onbeteuelde industrialisme aan te val. Veral die visuele elemente van televisienuus is gebruik om die morele aansprake oor die omgewing deur aktiviste af te speel teen die uitbreiding van industrieë (Rose, 1993: 287).

Die tagtigerjare was meer as net die era van Michael Jackson en die kubusblokkie. Volgens Rose (1993: 285) het een omgewingsprobleem na 'n ander kop uitgesteek in hierdie dekade. In 1985 is die "gat" in die osoonlaag, wat deur Britse wetenskaplikes bevind is, deur 'n NASA satellietbeeld bevestig, terwyl globale verwarming sedert 1988 'n modewoord geword het. Kongresse, strategieë en rampe soos die Wêreld Bewaringstrategie ("World Conservation Strategy") in 1980, die Bruntland-verslag in 1985 en die Tsjernobil-kernramp in 1986 het deur die media die publiek se fokus op die omgewing verhoog.

Rose (1993: 285), in sy beskrywing van die ontwikkeling en verandering van die omgewingsbeweging en veral Greenpeace, glo nie-regeringsorganisasies en drukgroepe het tot en met die 1990's die openbare oog suksesvol gerig op omgewingskwessies. Druk-groepe het van die veronderstelling uitgegaan dat plaaslike, nasionale en internasionale optrede sal volg as "bewyse" in die media gestel word oor 'n saak. Teen die 1990's was dit egter nie meer die geval is nie, aangesien daar nie genoeg hoeveelheid oplossings aangebied is vir die probleme wat uitgelig is nie.

Die omgewingsbeweging van die 1980's was veral gemoed met die sogenaamde stryd om bewyse ("struggle of proof") waarin bewyse gesoek is vir die nadelige gevolge van die optrede van individue en gemeenskappe op streek- en globale vlak. Drukroepe het die menings van wetenskaplikes wat hul saak steun gebruik om publisiteit te verkry. Dit het die publiek in die posisie van jurie geplaas om die inligting op te weeg.

Die bedrywighede van die onderskeie drukroepe het ten doel om mense se houdings te verander en hulle tot aksie te dwing. Eyerman & Jamison (aangehaal in Rose: 1995: 287) sê die volgende oor die werkswyse van Greenpeace, seker een van die bekendste groep aktiviste:

"As its name implies... Greenpeace has its own conception of the problem that is to be alleviated by direct action. War and environmental destruction derive from the same unanalyzed cause: the important thing is not to understand why destruction occurs but to slow it down, reverse the trends, give people the hope that personal commitment can make a difference. The paradoxical nature of this fragmentation (growth and success of environmental organizations and especially Greenpeace) is how public "success" has been achieved at least in part, by a rejection of ideological discourse."

Die media is bykans die enigste kommunikasiemiddel wat in die bemarking van idees en strategië gebruik is.

### 3.3.1 Die strategie van drukroepe

Die boodskap van omgewingsdrukroepe (Hansen, 1998), net soos dié van ander belangegroep binne die omgewingsdebat, word geraam volgens die volgende dimensies: 1) die keuse en bereikbaarheid van bronne, en 2) die aanbieding en ontleding van die argumente en rolspelers. Hulle het hoogs spesifieke agendas waarmee hulle media-aandag najaag.

Die onmiddellike taak is nie net om mediadekking vir 'n saak te verseker nie, maar ook om te verseker dat die fokus van die media op die organisasie se interpretasie van gebeure val. Ryan (aangehaal in Hansen, 1998: webblad), skrywer van *Prime time activism: media strategies for grassroots organizations* glo hieroor:

"Gaining attention alone is not what a social movement wants; the real battle is over whose interpretation, whose framing of reality, gets the floor."

Ekonomiese, morele en wetlike diskoerse, asook die aanspraak op deursigtigheid en inligting, word deur professionele aktivistegroepe gebruik om hul aantygings te raam. Die wetenskaplike diskoers bly egter een van die kragtigste raamwerke, waarbinne wetenskap, wetenskaplike navorsing en die gebruik van prominente wetenskaplikes gesaghebbendheid aan bewerings verleen (Hansen, 1998: webblad).

*Media events are designed to get press, radio and TV coverage. They can be used to dramatize an issue, announce that a group is working on it or put pressure on an elected or appointed official, stel die omgewingsdrukgroep Friends of the Earth se A Beginner's guide to Protecting the Planet: Using the Media dit onomwonde ([www.foe.org](http://www.foe.org)). Optogte, betogings, sitstakings en perskonferensies is moontlike aksies wat gevolg kan word. Humor, spesiale gebeurtenisse, duidelike baniere, goedvoorbereide antwoorde op verwagte vrae en mediapakette is belangrike elemente by die organisering van suksesvolle gebeurtenisse.*

Die volgende strategië, volgens *Friends of the Earth* se handleiding vir aktiviste, sal suksesvolle mediadekking verseker:

1. Dit moet nuwe nuus wees;
2. Die tydsberekening moet korrek wees ten opsigte van bepaalde seisoene of die saamval met plaaslike of internasionale gebeurtenisse;
3. Kleurvolle kostuums, baniere en foefies verseker sterk visuele kopie vir koerante;
4. Kontroversie en konflik haal die voorblaaie;
5. Die gebruik van groot groepe mense of die vorming van nuwe alliansies verseker dekking ([www.foe.org](http://www.foe.org)).

Druk-groepe gebruik nie net die tradisionele media soos televisie, koerante en radio nie, maar kry ook ruim publisiteit binne niche tydskrifte wat spesifiek fokus op omgewingskwessies of die natuur. Nuusbriewe, pamflette en die internet is ook suksesvolle bemarkingstoerusting om hul boodskap uit te dra.



### 3.3.2 Die verhouding tussen drukgroepe en die media

Tradisioneel geniet die menings en stellings van omgewingsdrukgroepe ruim dekking in die mediageledere. Dit bied gereelde omstrede of vernuwende nuushoeke, wat vir interessante kopie sorg. Goedberekende persverklarings, nuusgeleenthede of wenke aan koerantmanne verseker dat die natuur gereeld die groen lig kry wanneer dit by publisiteit kom.

Om de aandag van joernaliste te verseker, sê Rose (1993: 284) het 'n organisasie soos Greenpeace 'n geoliede masjien ontwikkel om die media te gebruik om hul omgewingsboodskap uit te dra. Aan die ander kant het die media toenemend na Greenpeace gekyk om 'n diens te lewer as omgewingswag hond. Soos iemand opgemerk het: *We had become a feeding trough for the media, they pick and chose what they want.* (Rose: 1993: 284).

Soortgelyke strategië as wat in 3.3.1 aangehaal is, verseker dat drukgroepe hul boodskap in die media kan kry.

Joernaliste en die breë publiek word egter dikwels verwar deur teenstrydige berigte en bevindinge oor onder meer globale verwarming, omgewingskwessies soos die verlies van biodiversiteit en die uitwissing van spesies. Weens die druk van die joernalistieke beroep kry verslaggewers selde die kans om hul feite 100% te toets. In die proses kan hulle maklik deur aktivistiese groepe misbruik word (Hartz *et al*, 1997: webblad).

Booyens (aangehaal in Engelbrecht, 1997: 25) waarsku egter dat omgewingsjoernaliste nie alles vir soetkoek moet opeet wat sogenaamde aktiviste aan hul voorhou nie en dat daar talle sogenaamde "diereregte groepe" is wat letterlik uit twee mense en 'n faksmasjien bestaan.

Joernaliste moet hulself vergewis van die status van sulke bewegings voordat hulle drukgroepe se uitlatings gebruik as 'die ander kant van die saak'. Ook Carmody (1995) se mening dat anti-omgewingsbeweging deur industriële belange befonds word, dien as waarskuwing om sake goed uit die boom te kyk voordat daar bewerings in nuusartikels weergegee word.

Weens die politieke en ekonomiese implikasies van omgewingsjoernalistiek moet joernaliste hul professionele skeptisisme deeglik inspan wanneer hulle 'n wenk oor 'n moontlike ekologiese storie ontvang, glo Nelson (1995: 33):

"For example, an environmental consulting firm issues a report that says more stringent environmental laws will boost the economy. This appears to be a good story; the report's findings run counter to the common belief that there is a conflict between environmental protection and economic growth. But reporters should consider whether the company stands to benefit from the report's findings."

Sommige belange is egter nie altyd so duidelik om uit te spel nie. Omgewingsgroepe is grootliks van skenkings van die publiek afhanklik vir befondsing. Om dit te kan verseker moet hulle 'n sigbare profiel in die openbare oog geniet. Die bewaring van sommige spesies, soos robwelpies, laat die geld makliker inrol weens hul emosionele aard, glo Nelson (1995:34) en kan daarom lei tot meer bedrywighede in daardie velde. Oordrewe aantygings kan ook emosioneel gelaai wees. Joernaliste wat bedag is op die voordeel wat belangegroepe uit publisiteit kan geniet, kan by die aanbieding van 'n storie egter die moontlike propaganda temper met meer informasie uit verskillende bronne.

### **3.3.5 Veranderende verhouding tussen drukgroepe en die media**

Druk-groepe, nie-regeringsorganisasies en aktiviste gebruik tradisioneel die media om hul bewusmakingsveldtogte te bemark. In veral die 1980's en 1990's is hul sukses gemeet aan die mate waarin hulle belange deur die publiek as wesenlike probleme geïdentifiseer en erken is.

Omgewingsdruk-groepe soos Greenpeace het die vermoë om mediadekking te verseker vir hul aansprake, maar hulle het nie beheer oor die wyse waarop individuele koerante stories raam of infleksie toepas nie (Hansen, 1998: webblad).

Navorsing oor die mediadekking van sosiale groeperinge en druk-groepe wys dat druk-groepe veral sukkel om die mediafokus te bepaal op die veldtog wat hulle voer eerder as op die persoonlike strydpunte van leiers, wegbreek-groepe of interne vetes

(Hansen, 1998: webblad). Die geskil voor die oog van die media tussen die leiers van die Wêreldnatuurfonds (WWF) en die *Internationa Fund for Animal Welfare* (IFAW) tydens die *Treasure* olieramp, het 'n suur smaak gegee aan 'n andersins suksesvolle operasie om die Afrika pikkewyn te red.

Die veranderende tye het ook 'n effek op die werkswyse en invloed van drukgroepe. Lidmaatskap van omgewingsorganisasies het 'n opbloe in die 1980's geniet maar ná die 1992 Aardeberaad ("Earth Summit") het mediabelangstelling in die onderwerp begin kwyn. Hieroor skryf Rose (1993: 289):

"It did not match the aspirations of the audience. The environmental message of Rio fell like ashes in a shower of disappointment."

Die uitdaging lê nie meer in die uitwys van bykomende probleme en kwessies nie, maar eerder in die gebruik van nuwe tegnieke deur drukgroepe om hul saak te bevorder, aldus Rose (1993: 286). Die woord "kwessie" ("issue") word te vaag en selfregverdigend gebruik omdat dit verwyderd staan van die aanbieding van oplossings, tydskaal, bereikbare doelwitte of mikpunte.

Die 1990's het 'n oppervlakkige "vergroening" van die politiek en ekonomie gesien. Dit het bygedra tot 'n hulpelose en afwesige gevoel by die publiek oor die probleme wat die omgewing in die gesig staar, aangesien 'n gebrekkige aantal oplossings vir die skynbare oormaat probleme aangebied is. Die soms abstrakte agenda van drukgroepe het oor die jare heen vasgevang geword in 'n metafisiese gebied wat geskei is van werklike gebeure. Hierdie effek het daartoe gelei dat meer as een omgewingsgesinde groep hul propaganda-strategie moes aanpas.

Die kwynende invloed van drukgroepe kan toegeskryf word aan die historiese opbou van sulke organisasies, hul afhanklikheid van die media as kommunikasie-middel en veldtogte wat gefokus is op mediabelangstelling, globalisering, die aftakeling van die samelewing en die wyse waarop hulle moontlike risiko vertolk. Omdat al hoe meer besighede en regerings "vergroen" in hul werkswyse is die tradisionele vyand ook besig om te verdwyn. (Rose 1993: 286).

Die publiek het ook verveeld begin raak met die aantygings van omgewingsgesindes. Mediageleentheid is verpak volgens vooropgestelde idees en paradigmas oor wat omgewingsnuus is. Omgewingstories het alreeds baie dieselfde begin raak, wat mense laat vra het, "Dit klink ernstig, maar het ons nie dit al voorheen gehoor nie?" Omdat sommige drukgroepe voeling met die werklikheid op grondvlak verloor het, raak die publiek vervreem van die boodskap wat drukgroepe deur mediageleentheid soos optogte wil uitdra.

Om steeds relevant te wees in die media en openbare sfeer, moet omgewingsgesinde organisasies, aldus Rose (1993: 295), hul fokus verskuif, en meer ondersoekend word, oplossings voorstel en toepas, hulself toespits op direkte kommunikasie, en leer om die wetenskap en bewyse aan te vat.

Drukgroepe speel 'n waghondrol oor die bedrywighede van regerings en industrië. Sonder hulle sal 'n groot deel van die onregte wat teen die omgewing gepleeg word, onder die mat gevee word. Te midde van die uitdagings wat in hierdie afdeling aangedui is, kan omgewingsjoernalise 'n bydrae maak deur sake wat gewig dra, op vernuwende wyse te ondersteun en vars invalshoeke daarvoor te ontwikkel.

### **3.4 Ander bronne**

Wetenskapsjoernalistiek word daarvan beskuldig van 'n oorbeklemtoning van die rapportering van gebeurtenisse, teenoor gebrekkige diepte-verslaggewing oor wetenskaplike onderwerpe. Deur 'n verskeidenheid bronne vir moontlike nuusstories te gebruik, kan hierdie kritiek getemper word.

Joernaliste mag nie net staatmaak op rampe, tragedie of persverklarings om kopie vir omgewingsartikels te verseker nie. Nelson (1995: 5), wat verskeie wenke aanbied oor hoe om lewendige en insiggewende artikels te verseker, glo joernaliste moet in voeling met nuwe ontwikkelinge in die veld bly deur gereelde kontak met hul bronne.

’n Wye groep betroubare bronne is onontbeerlik om aanhalings of agtergrondinligting te verskaf vir komplekse omgewingstories. ’n Lys name kan opgebou word deur bronne te nader wat in ander artikels gebruik word, vir verwysings te vra van kundiges of bronne te werf by universiteite, regeringsinstellings en nie-regeringsorganisasies.

Bronne moet geëvalueer word op grond van hul behulpsaamheid, die ontsag waarmee hulle deur kollegas bejeën word, hul eerlikheid en geloofwaardigheid, hul verbale vermoëns en hul velde van kennis. ’n Wedersydse uitruil van inligting (van onder meer nuwe ontdekkings of navorsing) kan hierdie verhouding en vertroue versterk.

Die poslyste van verskillende organisasies en groepe wat op grondvlak werk, is ook moontlike bronne van artikel. Alhoewel dit meestal tot onnodige leeswerk lei, is dit van waarde om op die naamlys van sulke instansies te kom.

Vrae wat tydens konferensies of werksinkels gestel word, kan ook leidrade vir moontlike stories bied. Nicholson (1998: 26) glo dat kenners meer geneig is om die beperkinge, foute en ontbrekinge in hul kollegas se werk raak te sien. Dit kan gebruik word om die waarde van stellings te beoordeel.

Dit is onnodig om net te konsentreer op die jongste verwickelinge. Die gereelde opvolg van gebeure en vorige artikels as nuusbron word onderskat. Deur ’n databasis van onderwerpe te hou, waarin artikels en ander inligting as agtergrondmateriaal beskikbaar is, kan joernaliste tred hou met ontwikkelings. ’n Lêer waarin verklarings gehou word van beloofde veranderinge, mikpunte en aksies waaraan ’n tydskuur gekoppel word, vergemaklik die opvolg van stories (Nelson, 1995: 39).

Detjen (aangehaal in Cohn, 1989: 124), glo ook aan die waarde van opvolgstories, aangesien omgewingsprobleme selde spontaan verdwyn. Hy beskou ’n eenmalige voorbladstorie ("one-shot exposé") as ’n algemene sonde van die media. Daar is nie waarde daarin om ’n probleem eenmalig uit te lig sonder om die progressie daarvan te volg nie. Hieroor sê hy:

"Follow the nitty-gritty of administrative, legislative, industry, or community action and report what, if anything, gets done."

Nelson motiveer omgewingsjoernaliste om wyer as net hul eie belangstellingsveld te lees, aangesien daar baie oorvleueling tussen nuuskategorieë is.

"Ethical reporters acknowledge that plagiarism is taboo, but readily admit that some of their best ideas come from reading or seeing the work of their colleagues. A story on Amazon jungle burning may lead to a story on fuel consumption or farming modernization."

Detjen (aangehaal in Blum *et al*, 1997: 176) ondersteun Nelson hierin:

"To be a good environmental journalist requires substantial knowledge about scientific subjects and an awareness of complex environmental laws. To excel in this field requires a commitment to constantly read and learn."

Hy moedig studente en joernaliste aan om 'n deeglike agtergrond in die wetenskappe te kry, aangesien dit belangrik is om die fundamentele aspekte van chemie, biologie, fisika, geografie, weerkunde, statistiek en ekologie te verstaan.

"The more comfortable you are with the basics of earth and environmental science, the better off you will be interviewing researchers in the field."

Nie alle joernaliste het 'n wetenskaplike agtergrond nie, en daarom is inleidende kursusse en werkswinkels, boeke, ander leesstof en die internet onontbeerlik (Nelson, 1995: 9).

'n Deeglike agtergrond kos tyd en dissipline, maar, glo Nelson (1995: 11), verseker dit groter akkuraatheid en die korrekte identifisering van belangrike aspekte in stories:

"Keep in mind that while learning a new subject may be time-consuming in the short run, it will enhance a career in the long run. The more reporters know, the more quickly they can identify the key aspects of a story."

Innoverende verslaggewers sal ook nuus opspoor in laboratoriums of in die veld, maar, waarsku Nicholson (1998: 26), dit gaan gepaard met 'n groter verantwoordelikheid om die feitlik korrektheid van inligting te toets.

Niks kan kers vashou by persoonlike ervaring, waarin die joernalis met sy eie oë, ore en neus ervaar wat die gevolg van omgewingsproblematiek is, om diepte en varsheid in hul omgang met aspekte van die omgewing te verseker nie. Detjen (aangehaal in Blum *et al*, 1997: 174) verduidelik dit as volg:

“Lots of times you will discover things that you weren't aware of or didn't anticipate. In addition, one of the great joys of environmental reporting is getting outside – hiking through forests, canoeing on rivers, riding on research vessels that are studying the ecosystem of mountain lakes.”

Die meeste regerings- en nie-regeringsorganisasies het bedrewe kommunikasieafdelings wie se werk dit is om die beeld van hul instansies in die media te poets. Persverklarings kan wenke gee vir moontlike stories, maar moet net gebruik word indien dit nuuswaardig is, feitlik getoets is (Nelson, 1995: 2) en verskillende perspektiewe daarop verkry is (Nelson, 1995: 2; Nicholson, 1998: 26). Goede (1998) glo dat die gebruik van te veel persverklarings joernalistiek oppervlakkig maak.

Mediakonferensies en gebeurtenisse wat gereël word, is maklike geleenthede waar verslaggewers basiese inligting kan bekom en onderhoude kan voer binne die beperkinge van spertye. Wilkins (1987), Nelkin (1995: 169), Shepard, Angell, en Saari, Gibson & Osler (aangehaal in Logan, Zenjun & Wilson, 1998) glo egter dat wetenskaplike en mediese joernaliste te veel dekking verleen aan gebeurtenisse wat gereël word deur die mediabeamptes in diens van die bedryf, regerings, universiteite, openbare belangegroepes en akademiese verenigings.

Sommige joernaliste kan afhanklik word van sulke geleenthede. Dit kan hul ondernemingsgees en vermoë om oor 'n wye reeks onderwerpe te skryf, versmoor (Nelkin, aangehaal in Logan *et al*, 1998) Hierdie "pseudo-gebeurtenisse" maak joernaliste afhanklik van bestaande, goedgeorganiseerde bronne vir nuus (Boorstin, aangehaal in Logan *et al*, 1998). Weens tyds- en spasiebeperkings die meeste

nuusorganisasies beperk, word 'n oorbeklemtoning van sulke gebeurtenisse gevind ten koste van onderliggende sosiologiese, kulturele, etiese, historiese en opvoedkundige aspekte van die wetenskap en natuur (volgens Freimuth, Greenberg, DeWitt, Romono, 1984; Pfund and Hofstadter, 1981; Wilkins, 1987, 1989; Pellechia, 1997; Friedman, Gorney en Egolf, 1992; aangehaal in Logan *et al*, 1998).

Ten slotte motiveer Nelkin (aangehaal in Cohn, 1989:125) joernaliste om hul eie oordeel meer te gebruik in die soeke na stories. Sy glo dat joernaliste die gees van onafhanklike, kritiese ondersoek moet behou wat goeie ondersoekende joernalistiek in ander velde tot gevolg het.

"The most serious problem in reporting risk may be less one of bias, inaccuracy and sensationalism than the reluctance of technically vulnerable journalists to challenge their sources and those who use the authority of science to shape the public view."

### 3.5 Onderhoudvoering

Sonder die samewerking en inligting wat bronne verskaf, is 'n joernalis se hande bra afgekap. 'n Onderhoud met 'n wetenskaplike, lid van 'n drukgroep of 'n regeringsamptenaar – hetsy persoonlik, telefonies of per e-pos – is daarom een van die belangrikste aspekte by die insameling van inligting.

By die onderhoudsvoeringsproses, veral waar wetenskaplike ontdekking ter sprake is, bied Nicholson (1998: 26) die volgende wenke aan:

1. Verkry 'n kopie van die joernaalartikel waarin die bevindinge gepubliseer is, asook kommentaar oor die navorsing. Portuurgroepbeoordeelde ("peer reviewed") joernale is die veiligste bronne;
2. Verkry agtergrond inligting deur bronne soos databasisse, die internet en ander navorsers in dieselfde veld te tap;
3. Voer verkieslik die onderhoud met die leier-wetenskaplike ("lead scientist") of die senior navorser;



4. Doen agtergrond navraag oor die navorser – sy grade, titels, spesialiteitsrigting, pryse, artikels en moontlike boeke. Al is die persoon `n Nobelpryswenner, moet seker gemaak word dat hy binne sy kundigheidsveld menings uitspreek;
5. Stel so gou moontlik die invalshoek (“lead”) wat gebruik gaan word vas, sodat die elemente daarin versigtig gekwalifiseer kan word om akkuraatheid te verseker;
6. Dring aan op duidelike, spesifieke aanhalings oor die belangrikheid van die ontdekking om die relevansie daarvan vir die publiek te kan vasstel;
7. Vra vir detail oor die navorsing. Dit sluit in: die getal mense/diere in die studie, die tydsduur van die navorsing en die langtermyn-effekte daarvan;
8. Vra wanneer `n nuwe soort produk, medisyne of tegnologie gaan op die mark beskikbaar sal wees.

Ander wenke ten opsigte van onderhoudvoering en die verhouding met bronne is die volgende:

- Berei deeglik en vroegtydig voor (Nelson, 1995: 8) om ingeligte gesprekvoering en vrae te verseker (Nicholson, 1998: 26).
- Wees billik en eerlik, wees hoflik en tree op met respek. Moenie bronne verkeerd aanhaal nie (Nelson, 1995: 8; Emous, 1988: 18);
- Onderskryf die basiese reëls van die joernalis/bron-verhouding. Dit sluit in konsepte soos “vir die rekord” (inligting wat gebruik kan word), “as agtergrond” (inligting wat anoniem gebruik word) en “van die rekord af” (geen inligting mag gebruik word nie).
- Die algemene joernalistieke reël om die een vraag wat konflik kan ontlok vir laaste te hou, geld nie noodwendig vir omgewingsverslaggewers nie. Dit is nodig om bronne te kultiveer sodat hulle weer in die toekoms vir jou van hulp kan wees (Nelson, 1995: 8);
- *Make them talk English*, is Detjen (aangehaal in Blum *et al*, 1997: 176) se raad. Die suksesvolle ontsyfering en vereenvoudiging van wetenskaplike vaktaal vir omgewingsjoernaliste is om genoeg vrae te vra wat lig op die onderwerp werp. Dit is onnodig om deur `n wetenskaplike se kennis geïntimideer te word om nie vrae te wil vra nie.

### 3.6 Slotsom

’n Wye verskeidenheid kontakte en bronne verseker dat ’n joernalis se hantering van omgewingsake nie afgewater, afgerem of eentonig is nie. Joernaliste moet egter bedag wees op die verskillende agendas en strategieë waarvolgens bronne bereid is om hul samewerking te verleen.

’n Goeie samewerkingsverhouding kan egter net tot voordeel van ’n ingeligte publiek wees, en bydra tot bevegting van onregte teenoor die omgewing.

Goede (1998: webblad) glo die media word oorlaai met oppervlakkige informasie uit persverklarings en artikels wat daaruit spruit. Vir hom bly die basiese vraag, "Hoe werk dit en wat is die funksie of bydrae daarvan?" Hy glo skakelmaatskappye en navorsers word te maklik vasgevang in detail en gespesialiseerde taal om hierdie basiese vrae te beantwoord.

"To avoid this trap I advise trainees: Your job is to crack a black box, don't stop asking questions until you get the whole picture. Lean on these guys who are sitting on their knowledge. Force them to come down to your level and don't get intimidated when they start laughing at you. Remember: There are no dumb questions, only dumb answers! Your job is done when you understand a subject so well that you can make a drawing of it."

## Hoofstuk 4

# DIE SUKSESVOLLE GEBRUIK VAN NUUSONDERWERPE

Die ontdekking van 'n nuwe paddaspesie, 'n pleidooi teen rommelstrooiing, die bekendstelling van 'n nuwe tegniek om water te suiwer of 'n profiel oor 'n natuurbewaarder wat sy lewe gewaag het om 'n vasgekeerde bokkie te red – dit is maar net enkele van die wye reeks onderwerpe waarmee die beeld van die omgewing in die media gepeets word.

Soms kan mens nie anders om te wonder hoekom sommige sake wel deur die media gedek word, maar andere, ten spyte van die beste aanvoerwerk deur hul ondersteuners, eenvoudig oor die hoof gesien word. Die antwoord hierop lê in die nuuswaarde wat sekere onderwerpe genereer, die agendas waarvolgens 'n nuusitem gedryf word en die raamwerke wat struktuur aan 'n boodskap gee. In hierdie hoofstuk word op hierdie wenresepte gefokus.

Riglyne oor skryftegnieke word ook gegee wat kan verseker dat omgewingsjoernaliste hul boodskap so akkuraat, eenvoudig en verbeeldingryk oordra aan hul leserspubliek.

### 4.1 Onderwerpe wat media-aandag genereer

'n Wye verskeidenheid onderwerpe vind daagliks hul pad na die koerante en die televisiekanale.

Harteveld (1995: 18) se inhoudsanalise gee 'n blik op die onderwerpe wat die grootste aandag in Suid-Afrikaanse omgewingsjoernalistiek geniet. Sy identifiseer 18 temas wat die nuusblaaie haal.

Die Suid-Afrikaanse media verleen die grootste dekking aan plante, diere en die biosfeer (36%). Harteveld gebruik die biosfeer as 'n sambreelbegrip vir die wisselwerking tussen die lewende en nie-lewende element op aarde. Dit sluit die begrippe ekologie, biodiversiteit, natuurgebiede, asook lewende en nie-lewende organismes in (Harteveld, 1995: 21).

Natuurrampe (17%), sosiale verskynsels soos boeke en vermaak (16%) en grondbesoedeling (8%) is volgende op die gewildheidsleer. Suid-Afrikaanse omgewingsberiggewing fokus veral op grootwild (9%) soos olifante, krokodille en leeus. Ander omgewingsaspekte wat in haar studie uitgelig is, is die bestuur van plaaslike natuurbewaringsgebiede, biodiversiteit en plante as medisyne (Harteveld 1995:13).

In die Suid-Afrikaanse omgewingsberiggewing val die klem van natuurbewaring deurgaans op die beskrywing van die persone, organisasies en firmas wat daarby betrokke is en die aanbieding van oplossing vir omgewingsprobleme.

In Harteveld se studie is 'n vergelyking getrek tussen die tendense in die Duitse en Suid-Afrikaanse pers. In vergelyking met die Suid-Afrikaanse voorkeur vir die onderwerp, handel slegs 17% van artikels in die Duitse media oor plante, diere of die biosfeer, terwyl rampe en noodleniging (23%) die grootste aandag trek. Die mediabedryf in albei lande verskaf bykans twee keer soveel voorbeelde van probleme en risiko's wat die omgewing kan benadeel as moontlike oplossings daarvoor.

In die Ghanese pers word die sterkste klem gelê op omgewingsgevaare. 'n Studie deur Yankah (1994: 47) wys dat die volgende onderwerpe veral bespreek word deur die twee plaaslike koerante, die *Peoples Daily Graphic* en die *Ghanian Times*: ontbossing, die agteruitgang van grondbronne, lugbesoedeling, onvoldoende afvalbestuur, gebrekkig sanitasie, die vermindering van visbronne, waterverlies, kernafval, globale verwarming en die aftakeling van die osoonlaag.

Die belangrikheid van hierdie gevare en risiko's is terme van ander sektore soos die ekonomie of industrieë word egter nie voldoende binne konteks bespreek nie. Volgens Yankah (1994: 47) word te min aandag gegee aan onderwerpe soos bevolkingsgroei,

gronderosie of volhoubare ontwikkeling, wat die omgewingsrisiko's selfs verder kan vergroot.

In `n studie deur Detjen & Bean (aangehaal in Iyioke, 1998: webblad) lys Amerikaanse joernaliste waterbesoedeling, lugbesoedeling, bedreigde diere, skadelike afvalstowwe ("hazardous waste"), herwinning ("recycling") en natuurlewe ("wildlife") as die onderwerpe wat die meeste dekking verkry.

Ander onderwerpe wat aandag geniet, is openbare grondgebied ("public lands"), vleilande, bosboubedrywighede, federale wetgewing, vaste afvalstowwe, staatswetgewing, landbou, energie, volhoubare ontwikkeling, gifstowwe, vissery, klimaatsverandering, internasionale kwessies, kernkrag, bevolkingsgroei, olierampe, verdediging, oseane, chemiese besoedeling en gesondheidskwessies.

## **4.2 Faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed**

`n Blote inhoudsanalise van nuusbronne werp nie veel lig op die redes waarom sekere onderwerpe meer media-aandag geniet as ander nie. `n Verklaring hiervoor lê in die algemene aard van nuus en die elemente wat van `n gebeurtenis nuuswaardig maak.

Nuusinhoud en die invloed daarvan op die publiek word beïnvloed deur redigeringsbesluite, skryfstyl, skryfmotiewe, nuusseleksie, spesifieke raamwerke en nuuswaardige onderwerpe (Nelkin, 1995: 15; Manoff & Schudson, Signorielli, Schudson, McQuail, aangehaal in Logan *et al*, 1998).

### **4.2.1 Fokus van nuusonderwerpe**

Omgewingsjoernalistiek is deel van die populêre media. Soos by die meeste ander nuussektore lê die nuuswaardigheid van onderwerpe in hierdie genre ook in menslike betrokkenheid, die tydigheid en tydsbestek waarin dit plaasvind, konflik, die plaaslike

inhoud, die risiko en gevolg, negatiewe inhoud, prominensie en skaal daarvan (Strentz, 1978; Salomone *et al*, 1990: 118). Hierdie onderwerpe word ook erken deur Harriss, *et al* (1992: 28), wat ook uitvindings, rampe, skaarsheidswaarde ("novelty") en obskure waarde voeg tot die lys van onderwerpe wat aandag genereer. Die verskillende onderwerpe oorvleuel en versterk mekaar.

Vervolgens sal gekyk word na van die onderwerpe waarvolgens nuustories en artikels in die omgewingsjoernalistiek gekategoriseer en aangebied kan word.

#### 4.2.1.1 Onmiddellikheid van nuus

Soos ou brood, verkoop opgewarmde, verouderde nuus eenvoudig net nie goed nie. Die voorkeur vir vars nuus lei tot groter prominensie aan nuusgebeure (Salomone *et al*, 1990: 118) en is waarom gebeure soos betogings, nuwe ontdekkings en natuurrampe soos vloede en aardbewegings wye mediadekking verkry. Omgewingsbedreigings soos globale verhitting, die uitputting van visbronne of oormatige verstedeliking vind egter op `n langer tydskaal plaas, wat veroorsaak dat mense belangstelling daarin kan verloor of dit nie as `n onmiddellike bedreiging sien nie.

"Some people have asked me why so much money and effort are being spent on oiled penguins when children are dying of Aids and there's nothing like the same response from the public. I think it has something to do with people being able to respond to crises well, but not to perennial problems, primarily because a crisis seem manageable. A flood, a fire, an oil-spill has a beginning, a middle, an end, and with enough time and money, most of the damage can be rectified. The public has a clear-cut role: 'help us wash penguins'; and they can see the results of their labour. But what does the public do about Aids orphans, or street children? One can donate money, but the problem never goes away. One could even adopt a child, but there are thousands more every year."  
(Gosling, 2000)

Hierdie vertelling van Melanie Gosling, die dagblad *Cape Times* se omgewingsjoernalis wat betrokke was by die dekking van die *Treasure* olieramp in Junie 2000, stel die saak van "nuwe nuus" (die redding van die Afrika pikkewyn) teenoor vigswesies, `n skynbaar

voosgetrapte onderwerp in die media. Dit is 'n boodskap wat mense nie meer noodwendig na die tydskrifrakke laat gryp nie, omdat hulle reeds daarvoor gedesentitiseer is.

Die media soek voortdurend nuwe drama, nuwe sensasie en nuwe konflik om die leserskorps se aandag te boei. 'n Paar jaar gelede was vigswesies nog groot nuus. Maar, soos Gosling (2000) ook noem, indien die pikkewyn-krisis vir jare sou aanhou, sal mense ook daarvan begin wegstrem.

"I have no doubt that if she had oiled penguins knocking on her car window daily for decades, she would accelerate away, muttering angrily about being constantly harassed by 'these filthy birds'."

In die beplanning van 'n media-geleentheid en die dekking daarvan, beveel Strentz (1978: 19) aan dat organiseerders die tydsbepערkinge van die media in gedagte hou.

Tydigheid speel ook 'n rol in die onmiddellike aard van nuus. Redakteurs wat in die middel van winter 'n artikel aanvra oor die rol van die son by velkanker, sal hul teikengroep mis. Tydigheid bied egter sinvolle mediaprominensie wanneer 'n plaaslike koerant 'n artikel oor die vleilande in sy area beplan om saam te val met 'n wêreldwye kongres oor dieselfde onderwerp.

#### **4.2.1.2 Risiko-joernalistiek**

Omgewingsjoernaliste speel 'n sinjaalfunksie waarin vorderinge op die gebied van wetenskap en tegnologie beskryf word. Volgens Emous (1988: 18) is lede van dié professie egter *geen orakel en kan dus niet altijd die gevolgen overzien van de gesignaleerde ontwikkeling*. In gevalle waar die moontlike risiko of nadelige gevolg van 'n ontwikkeling gesien word, kan 'n verslaggewer sy sinjaalfunksie gebruik deur die rooi gevaarligte te flits.

Emous (1988: 18) glo dat dit nie van die wetenskapsjoernaliste verwag kan word om spesiale tegnieke van 'n ondersoek te beoordeel nie, maar wel die gevolge wat dit inhou en die risiko's verbonde aan die voortsetting van die ontwikkeling of navorsing.

Dit wat die meeste Amerikaners weet van omgewingsgevaare soos insektegif, skadelike afvalstowwe en die kweekhuis-effek, sê Salomone *et al*, (1990: 117), is verkry danksy risiko-joernalistiek ("risk journalism"). Die kwaliteit van inligting bepaal die mate van openbare druk wat op regerings geplaas word om die ontwikkeling van nuwe fasiliteite teen te staan, beperkinge op navorsing te plaas of ontwikkeling te steun. Die impak van omgewingsrisiko hou dus waarde in vir belange van drukgroepe, wetenskaplike organisasies, industrieë en besluitnemers.

Watter onderwerpe word deurlopend deur risiko-joernalistiek beskryf? 'n Amerikaanse Carnegie Kommissie-verslag, *Risk and the Environment* (aangehaal in Ackland, 1994: webblad omskryf dit as volg:

"It appears to us that the nation has reached a crossroads in environmental and risk-related policy making. Techniques to evaluate and control threats to human and ecological health have become more sophisticated as government has worked to answer the public's call for healthy workplaces, safer commercial products and a cleaner environment. Yet the problems, at times, seem more intractable. Many of the most obvious opportunities for reducing risk from hazardous substances and problems have already been pursued. The risks that remain tend to be harder to characterize precisely and to reduce. Serious new problems that were unknown, or that seemed to be peripheral 10 or 20 years ago – global climate change, ozone depletion, biodiversity loss, and AIDS, to name a few – have come to the fore."

Lesers se betrokkenheid by 'n saak verhoog deur klem te lê op die moontlike gevolge van 'n omgewingsgevaar vir 'n gemeenskap, 'n groep mense of die natuur (Strentz, 1978: 19).

Die hoeveelheid dekking wat aan 'n omgewingsgevaar verleen word volgens Nelkin (1995: 47), lê in die potensiaal vir drama eerder as in die ernstigheidsgraad van die risiko. Die visuele inhoud, skaal en tydsduur van 'n risiko speel is hier belangrik.



Die struktuur en inhoud van die boodskap, asook die groepe waarop dit gefokus word, bepaal die reaksie wat 'n artikel oor moontlike omgewingsgevaare by die publiek sal uitlok. So het Nelkin (1995: 26) bevind dat die relevansie van 'n kwessie verhoog word wanneer die invloed daarvan op die ekonomie, sosiale stelsel of gesondheid (ook Salomone, *et al*, 1990: 123) uitgelig word.

Uit die bestudering van 'n reeks studies oor die reaksie op mediaberigte wat waarskuwings rig oor vloede, aardbewings of gevaarlike afvalstowwe, het Mileni (aangehaal in Ackland, 1994: webblad) gevind dat die ervaring van potensiële risiko en die gebruik van voorkomende maatreëls groter is by vroue, lede van die sogenaamde WASP-groep (wit/anglo-saksies/protestants), lede van hegte gesinseenhede en mense met 'n eksterne lokus van beheer. Mense met 'n fatalistiese lewensuitkyk blyk egter meer geneig te wees om risiko te ignoreer.

Mileni (aangehaal uit Ackland, 1994: webblad) skryf dit onder meer toe aan sosialiseringpatrone:

"Just like in a pride of lions, women protect, nurture and provide a safe environment... Perhaps because most risk information is put together by WASPs, WASPs are more likely to understand warnings."

Sielkundige studies toon dat mense met 'n interne lokus van beheer eerder gevare vermy omdat hulle glo hulle in beheer van hul eie toekoms is. Daarteenoor dink mense met 'n meer fatalistiese lewenshouding eerder, *If it's my time to die, it's my time to die. There's no point in evacuating. There is no point in worrying about chemicals in my drinking water.* (Mileni, aangehaal in Ackland, 1994: webblad).

Gebasseer hierop blyk dit dat joernaliste 'n groter sensasionele effek kan hê met boodskappe wat hierdie groepe in die visier het. Mileni (aangehaal in Ackland, 1994: webblad) waarsku egter ook:

"If we believe what sociologists decree in terms of this data, we would believe the following: lower-class, non-educated, non-white men, who perceive an external locus of control, are destined to die from low probability events."

Persepsie en oordele oor moontlike negatiewe bedreiging word versterk deur boodskappe wat spesifieke inligting daarvoor oordra: Dit sluit die inligting op hierdie vrae in:

- Wat en hoe groot is die gevaar of risiko?
- Hoe kan die bedreiging afgeweer of versag word?
- Hoeveel tyd is daar om sake te beredder?
- Wie is die bronne of persone wat die waarskuwings oor die risiko uitstuur?

Cohn (1989: 129) identifiseer ook die volgende vrae wat `n boodskap versterk:

- Is daar `n risiko of gevaar?
- Hoe groot of klein is die skaal daarvan?
- Onder watter omstandighede bied dit `n risiko?
- Wat is die sekerheid daarvan?
- Watter alternatiewe of oplossings is daar?

Joernaliste heg groot waarde aan risiko-artikels wat fokus op risiko-informasie, `n alarmistiese toon gebruik in die aanbieding van inligting en beelde (Salomone *et al*, 1990: 123) en deur `n spesifieke, deurlopend konsekwente, akkurate en helder skryfstyl ondersteun word (Mileni, aangehaal in Ackland, 1994: webblad).

Te midde van kontroversie moet albei kante van `n saak gestel word en die mening van opponerende wetenskaplikes weergegee word. Daarom is dit vir Cohn (1989: 129) van waarde om sover moontlik die mees ingeligte, hoog gerekende wetenskaplikes as bronne te gebruik om `n konsensus-mening oor die risiko te kan vasstel. Onsekerhede binne `n analise, asook studies wat afgewaterde resultate lewer, moet ook gerapporteer word.

Ten spyte van die aansprake van drukgroepe en ander bronne, hou alle gevare nie ewe groot bedreigings in nie. Oningeligte joernaliste kan egter maklik om die bos gelei word. Die volgende vrae kan gebruik word by die evaluering van die impak van veral besoedelingstowwe op die omgewing en mense (Detjen, aangehaal in Blum *et al*, 1997, 179):

- Met watter beroepsveiligheidsstandaarde kan die risiko vergelyk word?

- Is die besoedelingsmiddel wateroplosbaar en is dit 'n bedreiging vir grondwater?
- Is die besoedelingsmiddel oplosbaar in vet en opneembaar in die voedselketting?
- Word dit in die lug versprei en watter effek het dit asemhalingsweë of die osoonlaag?
- Hoe lank neem dit vir die middel om op te breek?
- Wat is die impak op die nie-menslike dele van die natuur soos plante, diere en mariene lewe?
- Het iemand wel ondersoek gaan instel wanneer beamptes beweer dat hulle geen teken van risiko gevind het nie?

Al is dit 'n maklike opsie, hoef alle artikels nie te begin met *Soveel as 100 000 mense kan...* om 'n sterk opskrif te verseker nie. Soms is daar egter geen ander uitweg as om 'n mate van risiko te aanvaar nie. Die gebruik van "veilig" of die aanbieding van die slegs die ergste moontlike gevolge ("worst case scenario") kan misleidend of ooreenvoudig wees. Om objektief te bly, moet die reeks en gradel van moontlikhede ("probabilities") aangebied word. So glo Cohn (1989: 130):

"Insist that risk estimates be presented as distributions of estimates to show the range of probabilities and not as magic numbers where no magic exists".

Skaal word goed uitgedruk deur die toekenning van syferwaarde, die personalisering van syfers en die gebruik van aanduiders (Cohn, 1989: 130). Wanneer gepas, is dit goed om risiko te vergelyk om 'n effek van invloed te verkry. Cohn glo 'n gemiddeld soos *1 uit elke miljoen mense staan die kans om deur 'n bygesteek te word*, teoreties geld, maar dat hierdie syfer onder meer hoër is vir diegene wat met bye boer!

West (1997: webblad) waarsku teen die gebruik van statistieke om bloot net 'n "dooie" paragraaf op te helder. Alhoewel statistieke 'n saak kan versterk, beveel Nelson (1995: 26) aan dat dit versteek word in 'n artikel om te verhoed dat lesers belangstelling verloor.

Ander wenke oor die gebruik van statistieke is (Nelson: 1995: 26):

- Gebruik duidelike bewoording om wanindrukke te vermy;
- Identifiseer die bron van inligting;
- Verkry kommentaar daarop, asook moontlike teenstrydige stelle syfers;
- Gebruik analogieë by die beskrywing van skaal. Sê eerder die waterbesoedeling is versprei oor 'n gebied so groot soos die Vrystaat, eerder as om dit in kilometerwaarde om te sit;
- Omskryf persentasies. "Een uit elke vyf" is meer verstaanbaar as 20%.

Dit is ook waardevol om aandag te gee aan kritiek oor risiko-joernalistiek, aangesien onerantwoordelike verslaggewing net soveel amok kan saai as die gevare wat dit probeer uitlig. Die media word wyd gekritiseer dat hulle kwessies oordryf en sensasionaliseer, te kort skiet aan tegniese inhoud, belangrike feite uitlaat, data verdraai en die publiek mislei deur aandag te plaas op minder belangrike kwessies ten koste van sake wat werklik gevare inhou (Salomone *et al*, 1990). Nelkin (1995: 61) skryf dit toe aan die reaksie op warm nuuswenke, tegniese obskureiteite, en die teenstrydighede waarmee verslaggewers werk. Te midde van 'n katastrofe is daar min tyd vir navorsing, onafhanklike analise en ondersoekende verslaggewing.

Die nuusmedia plaas die man op straat se fokus op gebeure en verleen 'n skyn van legitimiteit aan bewerings. Daarom moet joernaliste waak teen roekelose besluite oor die dekking van moontlike risiko. Hierdie kritiek het ook betrekking op die hoeveelheid dekking, die prominensie daarvan, die toon wat gebruik word en inhoud wat oorgedra word (Wilkins & Patterson, 1987, aangehaal in Logan *et al*, 1998).

Sommige wetenskaplikes, omgewingsgesindes en drukgroepe kla ook dat die media bevooroordeel is en te veel steun op kenners uit die "establishment", terwyl stories wat plaaslike industrieë raak, dikwels geïgnoreer word (Nelkin 1995: 47). Die media tree egter meestal reaktief op en is daarom afhanklik van beskikbare bronne vir tegniese inligting. Onderliggende argumente en agendas van die wetenskaplikes en belangegroepe wat vir inligting genader word, asook die beperkte kennisbasis oor sommige onderwerpe, kan verdraaide verslaggewing veroorsaak.

Belangegroepes, wat graag hul interpretasie in die media wil sien, verbly hulle natuurlik oor sulke situasies. Nelkin (1995: 61) glo joernaliste se soms naïewe strewe na objektiwiteit om teenstrydige sienswyses teenoor mekaar te stel, maak 'n skrale bydrae tot die uitbreiding van kennis oor die wetenskap. Min joernaliste doen ook moeite om hul lesers se tegniese kennis uit te brei sodat die risiko wat 'n kwessie inhou vir die mens en natuur bepaal kan word.

Al word daar aangeneem dat wetenskaplikes die antwoorde het en die nodige basis kan verskaf vir besluitnemers om op te tree, weet hulle soms self nie die omvang en aard van 'n moontlike risiko nie en is daarom huiwerig om hulself tot 'n besliste uitspraak te verbind. Redakteurs en joernaliste, daarenteen, hou nie van vae antwoorde nie en beskou dit as verdag as wetenskaplikes nie duidelike oplossings of skattings wil gee nie (Nelkin, 1995: 61).

#### 4.1.2.3 Plaaslike inhoud

Die Suid-Afrikaanse gesegde *Local is lekker* is ook waar in die geval van omgewingsjoernalistiek, waar 'n plaaslike invalshoek ruimte skep vir die publisiteit van 'n ontdekking, omgewingsbedreiging of verskynsel (Strentz, 1978: 19; Salomone *et al*, 1990: 118; Nelson 1995: 19).

Teenoor hierdie aanbiedingstyl staan die denkskool wat die klem lê op verskepte dekking van wêreldwye omgewingsprobleme. Die meeste omgewingsjoernaliste en wetenskaplikes is dit eens dat die wêreld ineengeskakel is. Die realiteit is egter dat mense oorwegend net omgee wat in hul eie "agterplase" gebeur. Volgens Fleet (1998: webblad) lê die verantwoordelikheid by plaaslike verslaggewers om die belangstelling van lesers te verhoog deur te verduidelik hoe omgewingsake die gemeenskap raak, eerder as dié van lande wat hulle nooit sal besoek nie.

'n Artikel het hoë trefkrag as 'n leser met die onderwerp kan identifiseer. Mense lees eerder oor die invloed van globale verhitting op die Suid-Afrikaanse plantegroei as om vae stellings aan te hoor oor die effek daarvan op die wêreldklimaatstandighede

oor 50 jaar. Dit kan onder meer gedoen word deur die verpersoonliking van statistieke en die gebruik van 'n menslike invalshoek (Nelson, 1995: 19).

Nelson (1995: 19) glo joernaliste moet vir hulself die volgende afvra:

- Hoekom sal iemand hieraan wil aandag gee?
- Is die storie so plaaslik as moontlik?

#### 4.1.2.4 Die menslike nuushoek

Menslike drama, konflik, tragedie en triomf sorg vir die hoogste sirkulasiesyfers en bly nou eenmaal 'n wenresep. Daarteenoor handel die natuur, per definisie, oor nie-menslike aspekte.

Volgens Freedman (1999: webblad) dis joernaliste alte dikwels voor die hand liggende sakboekie-stories op wat bloot maar antwoorde op 'n stel vrae bied. Vrae soos *Hoeveel kos dit om grond vir bewaring aan te koop?*, *Kan die staat bekostig om mynregte wat sandduine bedreig, uit te koop?* en *Wat is verbruikers bereid om te betaal vir skoner lug?* word algemeen gestel. Die uitdaging is om nie net die omgewing in finansiële terme te beskryf nie maar die klem te laat val op die lewens, waardes en kulture van diegene wat geraak word deur omgewingskwessies soos die verlies van die habitat vir wildlewe, wisselende watervlakke of besoedelingstowwe.

Lesers assosieer moeilik met die inhoud van 'n storie sonder 'n menslike inslag (Freedman, 1999). Die menslike nuushoek bied 'n identifiseerbare element aan soms onpersoonlike aspekte van die omgewing. Die menslike waarde in stories word uitgelig deur te fokus op ongewone of onverklaarbare elemente, emosies en konflik (Salomone, Greenberg, Sandman en Sachsman, 1990: 118, Olson, 1950).

Nelson (1995: 20) glo in die waarde daarvan om die kollig te laat val op die menslike sy van die bewaring van wildlewe in 'n ekosisteem. So het die daling in roofdiergetalle 'n invloed op rotgetalle (wat die meeste mense laat grill!), terwyl die ekonomie weer baat by die inspuiting van toerisme in groot wildparke.

Die inbou van kulturele tradisies (soos musiek, legendes en liefdesverhale) en waardes verleen ook 'n menslike element aan omgewingstories, omdat dit wyer strek as die grense van die ekonomie of wetenskap (Freedman, 1999: webblad)

Wendell Berry (aangehaal in Freedman, 1999: webblad) skryf:

"If in the human economy, a squash on the table is worth more than a squash in the field, and a squash in the field is worth more than a bushel of soil, that does not mean that food is more valuable than soil; it means simply that we do not know how to value the soil."

Nie net deur inhoud nie, maar ook in skryfstyl kan menslike elemente in 'n storie ingebring word. Detjen (aangehaal in Cohn, 1989: 125) sê die volgende hieroor:

"Write about things in a way your readers can relate to. Don't say rain has a pH (a measure of acidity or alkalinity) of 3; say it has become as acidic as vinegar. Don't just say so many parts per million of sulfur dioxide are going into the air; explain how these levels can trigger asthmatic attacks among sick and elderly. Find and write about environmental victims. But don't be irresponsible. You don't need to sensationalize. An accurate portrait is often alarming enough."

Hierdie werkswyse geniet nie 100% steun nie. Die beklemtoning van menslike nuuswaarde en persoonlikhede in die aanbod van wetenskapstories word gekritiseer dat dit nie genoeg opvoedkundige waarde oordra oor die belangrikheid en ontwikkeling binne die veld nie. Joernaliste se motiewe om navorsingsbevindings te kombineer met detail oor die betrokke wetenskaplike se agtergrond en persoonlikheid, word ook bevraagteken (Blakeslee, aangehaal in Logan *et al*, 1998).

#### **4.1.2.5 Konflik**

Konflik tussen drukgroepe en die regering, en tussen nywerhede en omgewingsgesindes is 'n element wat gereelde aandag binne omgewingsjoernalistiek geniet (Strentz, 1978: 19).

Die media se voorliefde om konflik as nuus aan te bied, kan natuurlik onregverdig deur aktivistegroepe uitgebuit word wanneer hulle betogings en stakings reël om seker te maak hulle haal die nuusblaai.

Konflik word ook geskep wanneer die teenstrydige stellings van skynbaar geloofwaardige opponerende kenners ('dueling experts) teen mekaar opgeweeg moet word. Volgens Detjen (aangehaal in Blum *et al*, 1997: 175) kan die situasie objektief beredder word deur die mening van soveel moontlik kenners in te win om die algemene grond tussen hulle te bepaal.

Debat is 'n normatiewe kenmerk van wetenskaplike gesprek. Efron, Nelkin en Burnham (almal aangehaal in Logan *et al*, 1998) glo egter die klem val te dikwels op teenstrydige bevindings en prosedures tussen groepe wetenskaplikes.

Dit het allerlei implikasies vir die vorming van openbare beleid. Die media se voorstelling van die verskille oor data en interpretasie tussen wetenskaplikes kom voor in wisselende grade. Kritici voel egter dat die media nie 'n sterk genoeg grondslag bied vir die aanbied van wetenskaplike verskille nie, en dat die konflik telkens deur joernaliste self geskep word (Burnham; Friedman, Villamil, Suriano & Egolf, aangehaal in Logan *et al*, 1998).

Hieroor waarsku Detjen (aangehaal in Blum *et al*, 1997: 175):

"The media sometimes has a tendency to look for conflict by seeking experts on the extreme fringes of issues. You will do your readers and viewers a favor if you resist this temptation."

Dit veroorsaak dat lesers wetenskap se selfregverdigende prosesse verwarrend of inkonsekwent vind en op sy beurt veroorsaak dit 'n ongeregverdigde afname in openbare vertroue in wetenskaplike en mediiese instellings (Hartz *et al*, 1997: webblad; Burnham, aangehaal in Logan *et al*, 1998).



#### 4.1.2.6 Prominensie

Vir beter publisiteit kan diereregte-aktiviste wat die verbanning van vuurwerke voorstaan gevra het as die openbare steun wat hulle rondom Nuwejaar 2001 verkry het van die voormalige Jolo-gyselaars, Callie en Monique Strydom, nie. Hierdie twee Suid-Afrikaners se maandelange gyselaarskap het die harte van Suid-Afrikaners aangegryp in 2000.

Die prominensie van dié twee nuusmakers het mediadekking oor die aspek verhoog, en `n nuwe invalshoek en legitimiteit gegee vir die waarskuwende artikels oor die gebruik van vuurwerke wat klokslag rondom Nuwejaar en Guy Fawkes verskyn.

Die wye openbare belangstelling in prominente figure en gebeurtenisse verkoop stories in die media. Daarom gebruik al meer organisasies en groepe bekende gesigte as bemarkingsfoefie om te verseker dat hul aktiwiteite mediadekking geniet (Strentz, 1978: 19). `n Menslike invalshoek in `n gebeurtenis word telkens geskep deur die fokus wat bekende of prominente figure daarop plaas.

Omgewingsdrukgroepe koppel graag `n bekende sportster of akteur as beskermheer aan hul bewusmakingsveldtogte, terwyl die aansien van `n gereelde mediageleentheid soos die opening van `n nuwe omgewingsentrum of die loodsing van `n bewusmakingsweek meer aandag geniet as `n minister of bekende natuurman die toespraak hou.

Die prominente beeld van `n saak hang ook af van die dekking of belangstelling wat `n nuusagentskap aan `n onderwerp verleen. Dit word bepaal op grond van hoe daarvoor gerapporteer word, die sigbaarheid van dekking daarvoor en die belangrikheid van probleemoplossing geniet. Volgens Nedjar (1998: webblad) verskil die inhoud van `n informatiewe boodskap baie tussen die onderskeie skeppers.

Die mees gereelde en prominente dekking word verseker wanneer `n koerantgroep `n saak aktief steun. Die dagblad Cape Argus se steun aan die Ukavuka-Operation Firestop-veldtog om vure in die Kaapse Skiereiland te help beveg deur die uitroeiing

van indringerplante, het dekking aan hierdie onderwerp ten minste een keer per week verseker.

Die inhoud van 'n nuusboodskap bepaal natuurlik die omvang van openbare diskoers wat daarop volg. Dit word grootliks gevorm deur joernaliste se eie voorstelling van wie hul leserspubliek is.

Daarom sal een koerant groter fokus verleen aan sosiale en tegniese oplossings vir lugbesoedeling deur meer kollektiewe intervensie voor te stel deur openbare instellings. 'n Ander publikasie met 'n populistiese houding sal eerder die verantwoordelikhede van owerhede teiken. Hulle sal die aandag rig op pendelaars wat daagliks van vervoer gebruik moet maak, en owerhede se taak om meer openbare vervoer vir hulle beskikbaar te stel om lugbesoedeling te verminder (Nedjar, 1998: webblad). Hieroor sê hy:

"The existence of two separate enunciative strategies is very important as it determines the possibility of preventative actions and struggles in defence of the environment through the visibility of environmental issues which may or may not be discernible in media discourses."

Die tydigheid van nuusgebeure, asook die skaal waarop dit voorkom, verseker ook die prominensie daarvan. Hoe groter die vloed of aardbewing, hoe sterker fokus die media daarop.

Dit is onder meer gesien in die omvang van dekking wat die vloede in 2000 in Mosambiek verkry het van die plaaslike media, alhoewel dit oor die landsgrense plaasgevind het.

#### 4.1.2.7 Diere

Diere maak nie net goeie foto-materiaal nie, maar ook goeie kopie. Harriss, Leiter en Johnson (1992: 32) glo dat enige storie wat oor diere handel, wye aandag sal geniet selfs van diegene wat nie in die reël van diere hou nie.

Diere is egter nie deur die bank ewe suksesvolle mediasterre nie. Soos bevind deur Hartevelt (1995: 13), konsentreer die Suid-Afrikaanse omgewingsberiggewing veral op grootwild en sogenaamde "sexy" diere eerder as op die sogenaamde "klein mannetjies van die natuur" soos insekte, amfibieë en voëls. Dit kan toegeskryf word aan die groter emosionele reaksie wat by die publiek ontlok word.

Ronel Beukes (2000), direkteur: kommunikasie van WWF-SA, vind uit hul organisasie se ondervinding met direkte bemerkingsveldtogte dat diere soos leeus, luiperds, olifante, pikkewyne, walvisse, dolfyne en rivierkonyne baie gewilder is en baie beter finansiële ondersteun word as reptiele, globale verwarming en vleilande. Ter verduideliking sê sy:

"Wanneer ons byvoorbeeld ons kalender ontwerp, sluit ons altyd 'n 'ag foeitog' foto in ('n 'fluffy' dier, gewoonlik 'n jongetjie) en geen slange, akkedisse, paddas en insekte nie."

'n Voorbeeld hiervan is die mediaprominensie wat verleen word aan 'n bedreigde bokspesie wat hervestig word in sy natuurlike habitat, teenoor gedempte belangstelling in die invloed van die verdwyning van fynbosgebiede op die byebevolking. Die geboorte van 'n leeuwepie in 'n dieretuin of dolfynkalfie in 'n oseaarium maak gereelde voorbladfoto's. Min erg word egter gegee aan die kroos van 'n akkedis of padda wat in dieselfde dieretuin die lig sien.

Hartevelt (1995: 14) vind egter 'n toenemende klemverskuiwing binne omgewingsbewaring om alle spesies te beskerm teen uitwissing, ook die *onaansienlikes*, pleks van slegs opvallende soogdiere soos die swart en wit renoster. Deur wyer mediadekking kan hierdie boodskap ook aan die breë publiek oorgedra word.

Wildlewe word telkens deur die media op 'n antropomorfiëse wyse aangebied. Dit bied 'n omgewingsnarratief aan 'n gebeurtenis waarin die tragiese invloed op die natuur 'n gevaar staan om verswelg te word binne die diskoers van blaam en politieke moddergooiery.

Vir Daley en O'Neill (1991: 21) funksioneer die omgewingsnarratief as 'n geskikte teenpool in 'n industriële samelewing wat die natuur sien as 'n objek wat uitgebuit kan word. Hierdie narratief gebruik sterk beelde van geoliede, wollerige otters en hartseer voëls. Dit bied aan diere 'n gedomestikeerde persoonlikheid waarmee mense maklik kan assosieer.

Volgens Daley en O'Neill (1991: 15) is die tegniek om menslike kwaliteite aan diere toe te skryf suksesvol gebruik tydens die Exxon Valdez olieramp om die invloed van die tragedie op wildlewe te wys:

"They were offered as pathetic human interest stories, not as animals who exist in their own right in fragile marine ecosystems."

Hulle het gevind dat natuurlewe telkens voorgestel is as patetiese slagoffers, wat die simpatie en woede van reddingswerkers en wetenskaplikes ontlok het. Hierdie styl het egter 'n gebrekkige bydrae gemaak tot die analise van die sisteem wat die ramp tot gevolg gehad het.

#### 4.1.2.8 Negatiewe inhoud

*Fires, floods and oily penguins*, volgens 'n opskrif in die *Cape Argus* (Yeld, 2001: 7), was die gebeurtenisse wat die grootste omgewingsnuus in Suid-Afrika was in 2000. Die internasionale nuustydskrif *Time* het die besoedeling wat veroorsaak is deur die *Treasure* olieramp, en die daaropvolgende reuse-skoonmaakprojek om 18 500 Afrika pikkewyne te red, ook as een van sy nuusgebeure vir 2000 gelys.

Negatiewe inhoud is 'n waardevolle eienskap van nuus (Bell, Schulz, aangehaal in Peters, 1998: webblad) en hulpmiddel in die bepaling van nuuswaardigheid (Bohle, aangehaal in Peters, 1998: webblad).

Daarom word soveel meer kopies gewy aan "slegte" nuus soos konflik, rampe en dramas en die boodskappe van drukgroepe en wetenskaplikes dat die omgewing in 'n

krisis is. In Harteveld (1995) se inhoudsanalise is ook die voorkeur van die Suid-Afrikaanse media gesien in die aanbieding van omgewingsrampe (20%) en besoedeling.

Mense is bevooroordeel teenoor negatiewe inligting, en dit word ook in die prosessering van mediainhoud en die waarneming van gevaar en risiko gesien. Hierdie assimetrie tussen positiewe en negatiewe inligting word ook gevind by die waarneming van ander persone (Fiske, aangehaal in Peters, 1998: webblad) en die beoordeling van die risiko wat gekoppel word aan kontroversiële tegnologie (Femers, aangehaal in Peters, 1998: webblad).

Hoekom is mense so lief negatiewe nuus? In sy studie oor die redes waarom die publiek meer aandag gee aan negatiewe inligting oor genetiese manipulasie, bied Peters (1998: webblad) drie verklarings daarvoor aan. Hierdie aspekte werp lig op die publiek se voorkeur vir negatiewe stories, en is belangrik in die strukturing van artikels wat oor omgewingskrisisse handel.

Dit is 'n universiële kenmerk van menslike kognisie, volgens die hipotese van die asimmetriese fout voorkeur, dat negatiewe inligting bo positiewe informasie gestel word. Hierdie verskynsel het deur biologiese en kulturele evolusionêre prosesse ontwikkel. Peters (1998: webblad) werp meer lig hierop:

"If one assumes asymmetry in the severity of consequences of failures to recognize something positive as against failures to recognize something negative (e.g. identifying someone as friend or foe), evolution should have favored attention patterns directing more immediate attention to cues revealing something threatening than to those hinting at something beneficial. A typical characteristic of the time when that preference developed might have been that an error in the recognition of something positive could later be corrected while an error in the detection of something negative could not because one was dead."

Volgens die informatiewe hipotese hang die waarde van informasie af van bestaande verwagtinge. Daarom glo Peters (1998: webblad) dat 'n boodskap se informatiewe waarde lê in die mate waarop dit verrassing kan uitlok. Hoe meer ongewoon of

onverwags die inligting is, hoe groter reaksie sal dit uitlok. Hierdie "raar maar waar" aspek word deur Peters (1998: webblad) verduidelik:

"As every journalist well knows the headline 'man bites dog' will gain more attention than the headline "dog bites man".

Hierdie voorkeur vir negatiewe inligting word beskou as 'n uitvloeisel van 'n lewenstyl in 'n relatief veilige maatskaplike en fisiese omgewing waarin die positiewe (bv die afwesigheid van gevaar) verwag word, en negatiewe elemente onverwags is.

Die laaste verklaring wat Peters (1998: webblad) aanbied is die hipotese van differensiële vertroue. Hiervolgens glo die ontvangers van boodskappe soos mediainligting dat groepe en instellings wat tegnologiese ontwikkeling bestuur in 'n funksioneel gedifferensiërde samelewing, verbind is tot die ondersteuning van vooruitgang soos genetiese manipulerings.

Daar word van die bestuurders van vooruitgang verwag om meer fokus te plaas op die potensiële voordele daarvan en nie sensitief te wees teenoor moontlike gevare nie. Die publiek delegeer die verantwoordelikheid vir die ontwikkeling en roetine prosedure daarvan aan die betrokke instellings.

Wanneer dit egter risiko inhou, is die openbare vertroue in sulke instellings laer en word 'n waaksame, kritiese oog daarvoor gegooi. Volgens die hipotese van differensiële vertroue hou die publiek hulself besig met die negatiewe aspekte van 'n ontwikkeling omdat hulle tekortkominge in die politieke bestuur daarvan sien (Peters, 1998: webblad).

#### **4.1.2.9 Beeldmateriaal**

*A picture paints a thousand words*, sê die cliché. Veral tydskrifjoernaliste ken die waarde van hierdie stelling om die emosionele impak en visuele element van 'n boodskap te verstewig. Mense kan nie sommer met die inhoud van 'n foto stry nie. Dink

maar net aan die impak van die voorbladfoto van 'n oliebesmeerde pikkewyn op *Die Burger* se voorblad te midde van die *Treasure* olieramp, of die hartseer beelde van 'n luiperdwelpie wat in 'n vangstrik beseer is.

In die Exxon Valdez olieramp is foto's van besmeerde voëls gebruik as patetiese voorbeelde van die gevolge van die nagmerrie.

Luke (aangehaal in Daley en O'Neill, 1991: 119) glo dat 'n groot mediageleentheid nie net 'n reeks nuusbeelde is nie, maar eerder 'n stel van sosiale verhoudinge wat in stand gehou word deur beelde. Hoe lesers hierdie beelde ontvang, word bepaal deur die groep waaraan hulle behoort.

"Sometimes they were shown dead, reinforcing the view of state biologists who contested some Coast Guard members' belief that few birds had been killed. These images, then, are political, and they participate in the packaging of various ideological messages and the positioning of various groups.

Die krag van foto's, grafika, diagramme en kaarte dra by tot die vereenvoudigde verduideliking van kernaspekte van 'n gebeurtenis. Goede (1998: webblad) waarsku egter teen die gebruik van te veel of te min detail.

## 4.2.2 Agendastelling

Weens mense se geneigdheid om onderwerpe waaroor hulle in media lees, as belangriker te ag as items wat geen dekking geniet nie (Merrill *et al*, aangehaal in De Beer, 1994: 20), definieer De Beer (1994: 20) agendastelling as die hipotese dat die massamedia deur die dekking van idees en gebeure die waarde beïnvloed wat die publiek daaraan toeskryf. Die media word veral gebruik om persepsies te vorm oor onopsigtelike aspekte soos die omgewing wat die publiek nie self kan ervaar nie (Lippmann, aangehaal in Ader, 1995: 301).

Nedjar (1998: webblad) beskryf agendastelling as volg:

"The media actually do more than just reflecting a reality, rather they will make it up according to their own vision of the world, which only partially matches that of recipients. Such a construction is based on a combination of various practices of information distribution, i.e. voluntarily selecting individual pieces of information (every medium will make a selection of the information to be released), taking a standpoint through subjective judgements and appreciation, the enunciative presence of the media as well as the function they assume in delivering a discourse which in turn gives us information as to their relationship with their recipients. In the case of television, there is also a visual construction through the image medium (choosing filming strategies, successive shots...) which means that the news are shaped by an intentional construction of reality."

Soos Nedjar (1998: webblad) hier aandui, word mediafokus geplaas op spesifieke gebeure omdat hulle 'n voorkeur het vir nuuswaardige onderwerpe en beeldmateriaal (soos beskryf in 4.1), deur die keuse van bronne wat genader word om kommentaar vir stories, en deur hul eie subjektiewe interpretasie daarvan. Die agendas waarvolgens wetenskaplikes en drukgroepe optree as kampvegters vir die omgewing, is ook hier ter sprake.

Dus, op dieselfde manier waarop mense agendas opstel van die belangrike items wat hulle aandag verg, speel die massamedia 'n agendastellende rol waarmee hulle idees en gebeure kies wat hulle vir die publiek wil uitlig (De Vito, aangehaal in De Beer, 1994: 20). Die agendastellende hipoteses stel 'n verhouding tussen die relatiewe klem wat die media op verskillende onderwerpe lê teenoor die onderliggende bewustheid wat dit by die breë publiek geniet.

Deur die dekking en prominensie van die omgewing in die nuus te bestudeer, vind Fox (1999: webblad) dat die agendastellende rol van die media 'n invloed het op publieke betrokkenheid by die onderwerp. Sy het gevind dat dekking in koerante en tydskrifte oor die natuur 'n hoogtepunt in Australië bereik in 1989, wat saamgeval het met 'n hoogtepunt in openbare betrokkenheid by die omgewing.

Dit graad van mediadekking moet ooreenstem met die belangrikheid van die onderwerp. Iyioke (1998: webblad) reken die opvoedings- en inligtingsrol van die massakommunikasie is net van waarde as die onderwerpe, hoeveelheid en ruimte wat



gedek word ooreenstem met die waarde wat wetenskaplikes en ander belangegroepe aan risiko's of bedreigings toeskryf.

'n Studie van nege dagblaaie in Michigan deur Bean & Detjen (aangehaal in Iyioke, 1998: webblad) het 'n ooreenkoms gevind tussen die kwessies wat in die media aangeraak word teenoor die sake wat deur wetenskaplikes as belangrike omgewingsvraagstukke beskou word. Die aanbieding van onderwerpe soos omgewingsbewustheid, soliede massa-besoedeling, habitatverandering, die biosfeer en die bedreiging van die osoonlaag het egter verskille getoon.

In 'n studie deur Ader (1995: 310) oor die agendastelling van besoedeling in die media tussen 1970 tot 1990, is gevind dat dekking oor die onderwerp gestyg het ten spyte van die skynbare daling van besoedelingsvlakke. 'n Positiewe ooreenkoms is egter gevind tussen die media se behandeling van vaste stofbesoedeling en die ware toedrag van sake.

Hieruit wil dit voorkom dat die media nie altyd objektief is in hul beskrywing van die omgewing nie en tog eerder hul eie beeld van die werklikheid saamstel.

Die media stel hul eie betekenisraamwerke en simbole in op 'n gegewe gebeurtenis, het Einseidel & Coughlan (aangehaal in Hansen, 1998: webblad) gevind:

"By calling a policy 'controversial', by highlighting a dispute, by suggesting a benefit and excluding risk information, the media can legitimate positions and project images with considerable power."

Kritiek wat die aanvanklike seleksie van nuusonderwerpe bevraagteken, kom wyd voor. Die aandag op ontluikende of "pioniers" wetenskap en onderwerpe eerder as bestaande handboek-wetenskap (Logan *et al*, 1998), en die ondersteuning van 'n voortgesette onsekere agenda oor openbare besluitneming word nie word as oneties beskou (Logan, Fears & Wilson, aangehaal in Logan *et al*, 1998).

Die heterogene aard van die media veroorsaak die klemverskille wat verskillende onderwerpe in die bedryf geniet. Volgens Nedjar (1998: webblad) kan die inhoud van 'n

informatiewe boodskap baie verskil tussen aanbieders. Dit beïnvloed die sigbaarheidswaarde van omgewingsake en die sigbaarheid van sekere oplossings vir probleme. Nedjar se mening hieroor is:

"The existence of two separate enunciative strategies is very important as it determines the possibility of preventative actions and struggles in defence of the environment through the visibility of environmental issues which may or may not be discernible in media discourse."

### 4.2. 3 Die raming van stories

Rommelstrooiing, die beskadiging van plantegroei en die besering van diere is aan die orde van die dag. Dit, ten spyte van die feit dat drie uit elke vier lede van die Amerikaanse publiek hulself beskryf as omgewingsbewus (Dunlap *et al*, 1991: 654), en Suid-Afrikaners somer gou-gou die omgewing en natuur as een van hul belangstellings sal lys.

Woorde wat nie in omgewingsvriendelike optrede omgesit word nie is waardeloos vir die beskerming van die planeet. Daarom glo Davis (1995: 286) dat omgewingsgesindes en joernaliste hul kommunikasie spesifiek moet fokus om die publiek te motiveer tot deelname en steun aan omgewingsvriendelike aksies.

Navorsing deur Davis (1995: 285) oor hoe mense gemotiveer word om betrokke te raak by herwinning werp die lig op die wyses waarop omgewingsjoernaliste hul artikels kan verpak om nie net die publiek se houding te verander nie, maar hulle ook te motiveer tot daadwerklike optrede.

In sy studie is boodskappe geraam op grond van 1) die definiëring van probleem (wins vs verlies), 2) die teikengroep of mikpunt (huidige vs toekomstige generasies) en 3) die bekendstelling van alternatiewe aktiwiteite (gebruik minder vs doen meer). Spesifieke aandag is gegee aan die uiteensetting van probleme en teikengedrag

Hieruit blyk dit dat boodskappe wat veral fokus op die nadele wat 'n saak inhou vir die huidige geslag, die beste reaksie uitlok. Ook het hierdie soort kommunikasie die hoogste vlak van voorneme uitgelok vir deelname aan omgewingsverantwoordelike optrede. Die raamwerk waarin aanbevole aktiwiteite uiteengesit word, het nie 'n invloed op die houding of bedoelings om gedrag aan te pas by lesers nie.

Die navorsingsgroep het bestaan uit jonger, hoër opgevoede mense. Die bevindinge hou egter ook implikasies in vir die ontwikkeling van kommunikasiemateriaal wat die gedrag van ander bevolkingsektore ook. Davis se studie wys op die belangrikheid om nie die inhoud en interne raamwerke waarvolgens 'n boodskap geskryf word, as losstaande eenhede te beskou nie.

Drie bevindinge is van waarde (Davis, 1995:295):

- 1) Die manier waarop 'n boodskap geraam word, bepaal die reaksie van mense op 'n omgewingstorie. Dit beïnvloed ook lesers se motiveer om betrokke te raak by omgewingsvriendelike optrede en gedrag.
- 2) Die manier waarop probleme en doelwitte geraam is, het 'n interaktiewe eerder as 'n onafhanklike invloed. Boodskappe wat klem lê op die negatiewe invloed van individue se onbetrokkenheid by omgewingsvriendelike gedrag op hulself of huidige geslag, is gunstiger ontvang deur lede van die studiegroep. Hierdie bevinding oor kontekssensitiewe uitkomsgebaseerde raamwerke stem ooreen met navorsing oor besluitneming deur Kahneman & Tversky (aangehaal in Davis, 1995:295).
- 3) Die manier waarop alternatiewe aktiwiteite aangebied is, het nie die reaksie op die boodskap beïnvloed of 'n aanduiding om omgewingsvriendelike gedrag aan te pas uitgelok nie. Die voorgestelde alternatiewe aksie is nie so belangrik nie – eerder die eenvoudige, duidelike en verstaanbare wyse waarop dit oorgedra word. Dit moet gestel word binne 'n gepaste konteks om aan te toon hoe die versuim om met hierdie aktiwiteit te begin, 'n lid van die publiek nadelig kan beïnvloed.

Die bestudering van die resultate van Davis (1995) se studie bied die volgende riglyne aan omgewingsjoernaliste om spesifieke raamwerke te gebruik in artikels wat fokus op die verandering van gedrag teenoor die omgewing.

- Fokus die aandag op die toestand van die natuur en die gevolge van die bedreiging daarvan;
- Plaas 'n negatiewe of 'n positiewe klem op die strukturering van gebeure. Dit is 'n geval van "half vol of half leeg". So kan 'n joernalis skryf dat die kans 20% is dat die getalle bergsebras sal daal, of dat 80% van die bevolking sal voortbestaan (Davis, 1995: 286);
- Negatiewe vooroordele ontwikkel as mense positiewe of negatiewe inligting verkry oor moontlike alternatiewe keuses van optrede. Meyerowitz & Chaiken (aangehaal in Davis, 1995: 286) kom tot die gevolgtrekking dat 1) in funksioneel identiese situasies, negatiewe informasie en boodskappe meer vooroordelend is as soortgelyke objektiewe, positiewe informasie en 2) dat negatiewe vooroordele uitgebrei word tot beskrywings van verlies en wins wat geassosieer word met alternatiewe optrede. Dit vind plaas omdat die publiek negatiewe inligting waarneem as belangriker, meer onderliggend, vreesaanjaend en duideliker uitstaan in 'n wêreld wat primêr positief voorkom;
- 'n Wye verskeidenheid omgewingskwessies soos die spuit van plaagdoder, klimaatsverandering en diereregte kan positief of negatief gestruktureer word. Die strukturering van omgewingstories kan ook in meer algemene besprekings oor voordele en nadele vir die natuur toegepas word. Davis (1995: 286) assosieer herwinning met die positiewe raamwerk van bewaring, terwyl artikels wat op die onbetrokkenheid by hierdie aksies dui as negatief en afbrekend teenoor die natuur gesien word;
- Lê die klem op negatiewe gevolge van die publiek se onbetrokkenheid by 'n probleem, eerder as die positiewe resultate wat volg wanneer deelgeneem word aan 'n voorgestelde aktiwiteit;
- Stel die kort- en langtermyngevolge van gedrag ten opsigte van wins en verlies vir die omgewing;
- Bied 'n tydsaanduiding aan vir wanneer die effek daarvan gevoel gaan word;

- Dui aan of die omgewingsprobleem korttermyn- of langtermyngevolge het; dus, sal die invloed daarvan deur die huidige generasie of die toekomstige geslag gevoel word;
- Bied korttermyn doelstellings aan sodat lesers makliker kan identifiseer met die groep wat deur gedrag of optrede beïnvloed kan word (Cantrill & Swap, aangehaal in Davis, 1995: 287);
- Skryf artikels oor die omgewing wat sover moontlik betrekking het op 'n betrokke leserskorps;
- Stel eenvoudige, spesifieke gedrag voor wat gebruik kan word om die omgewing te bevorder;
- Fokus voorgestelde nuwe gedrag op die behoud en verbetering van die omgewing waaraan almal deel het. Dit kan die vorm aanneem van beperkings (soos waterbeperkings) die gebruik van beskikbare bronne ("gebruik minder en bewaar so dit wat jy het") of aktiewe voorstelle (soos herwinning);  
Mense skaal egter eerder af as wat hulle bykomende aktiwiteite aanleer. Hiervolgens sal waterbesparing groter sukses hê as die veldtog wat herwinning voorstaan. Hierdie verskynsel, glo Davis (1995: 286) reflekteer die onsekerheid van individuele verantwoordelikheid en die moontlike impak van sy optrede omdat hy nie weet watter optrede die ander lede van die groep volg nie. Mense wil nie die enigstes wees wat volgens die reëls werk nie;
- Mik boodskappe oor die omgewing op kleiner, homogene groepe wat ooreenstem in demografie, houding en ander onderliggende kenmerke (Grunig, aangehaal in Davis, 1995: 294). So kan 'n meer spesifieke boodskap oorgedra word wat die houding van 'n groep aanspreek;
- Fokus daarop om die jonger geslag aktief betrokke te kry by die bewaring van die omgewing (Davis, 1995: 295);
- Verskerp mediaboodskappe oor moontlike aksies en houdingsveranderinge veral in die vroeë stadiums van 'n gebeurtenis of situasie (Peters, 1998); Omdat die boodskap nuut is, het ontvangers nog nie vasgestelde, vooropgestelde idees daaroor ontwikkel nie. Die inligting word veral versterk en omgesit in moontlike houdingsveranderinge wanneer dit binne sosiale netwerke bespreek word (Merten, 1998 en Schenk, 1989, aangehaal in Peters, 1998);

### 4.3 Skryfegnieke

Star Trek, glo Goede (1998: webblad), het meer gedoen vir die bevordering van die wetenskap as skoolopvoeding self. Hermann Oberth, die vader van die vuurpyl, is op sy beurt geïnspireer deur die fiktiewe verhale van Jules Verne. Om die belangstelling in die omgewing te versterk, is dit nodig om op soortgelyke wyse verbeeldingryk om te gaan met die onderwerp.

Weens die onopvallende kenmerke van die natuur (Ader, 1995: 301) is lesers afhanklik van 'n joernalis se interpretasie van gebeure om te weet watter aspekte belangrik is. Soms is al wat 'n leser van 'n onderwerp weet dit wat in die media uitgelig word.

Deur kreatiewe, duidelik geformuleerde artikels kan omgewingsjoernaliste ook die publiek (en advertensie-agentskappe en redakteurs) inspireer om die skynbaar vervelige beeld daarvan te verander. So verduidelik Waldren (1998: webblad) die taak van bemarkers wat toegeskryf word aan omgewingsjoernaliste:

"The point is: you don't have to make science sexy. It usually is. You just have to highlight the sexiest parts of it and sneak a bit of good science in in the process. This is how every other industry generates publicity and manipulates the mass media. Scientists are lagging behind in this area."

'n Wetenskapsjoernalis is eerstens 'n verslaggewer, en nie 'n wetenskaplike nie. Die algemene etiese riglyne wat vir die joernalistiek geld, geld ook vir wetenskaps- en omgewingsjoernaliste (Emous, 1988: 18).

'n Storie se inhoud kan so goed as moontlik beplan word, maar sonder goeie joernalistieke vaardighede kan dit 'n misrabele mislukking wees wat nie lesers se aandag hou nie. Volgens West (1997: webblad) moet dit 'n joernalis se ideaal wees om aan 'n leser 'n *smooth cruise down the freeway* te verskaf. Dit kan gedoen word deur goed-georganiseerde paragrawe, logiese oorgangsinne en duidelik taalgebruik.

Die gebruik van die volgende riglyne kan verseker dat omgewingsjoernaliste se werk die maksimum effek op die publiek, beleidmakers en politici het en dalk net help om 'n jong leser te inspireer om self eendag in die voetspore van omgewingsbewaarders soos Ian Player te volg.

- Hou die lesersmark waarop die storie gemik word in gedagte;
- Verskaf genoeg agtergrondinligting en konteks om feite duidelik en helder oor te dra (Nelson, 1995: ix; West, 1997: webblad);
- Skryf in eenvoudige, duidelike sinne. Volg Britse joernaliste se KISS-formule ("keep it simple and stupid") om hierdie beginsel tuis te bring (Goede, 1998: webblad);
- Moenie verskillende komplekse idees in een paragraaf saamgroepeer nie;
- Gebruik gepaste oorgangsinne tussen paragrawe;
- Maak ruim gebruik van beskrywings;
- Gebruik sintuiglike waarnemings;
- Gebruik 'n beskrywende, interessante inleiding om lesers se aandag vas te vang om verder te wil lees;
- Organiseer die struktuur van 'n artikel;
- Struktureer 'n paragraaf rondom 'n idee. Sit dit duidelik uiteen en skep 'n logiese inligtingsvloei deur onnodige elemente uit te laat;
- 'n Gemaklike oorgang tussen idees word verseker deur oorgangsinne ter aanvang van 'n paragraaf;
- Gebruik sensoriese beskrywings, beelde en beeldspraak eerder as wiskunde en syfers. (Sien ook 4.1.2.2 vir die gebruik van statistieke);
- Skryf verstaanbaar. Volgens Einstein is die meeste fundamentele idees in wetenskap eenvoudig, en kan as 'n reël uitgedruk word in 'n taal wat deur almal verstaanbaar is (West, 1997: webblad);
- Gebruik woorde wat ruimtelike verwantskap aandui om die visuele inhoud van 'n artikel te verhoog. Woorde soos "binne", "buite", "bo-op" en "deel van" bied informasie oor posisie aan. Die gebruik van woorde wat temporale rangorde aanlig (soos "eerste", "grootste" en "laaste") word die toevallige of verwagte aard van gebeure en verwantskappe uitgelig;
- Vermoed te abstrakte idees of te gespesialiseerde terminologie;
- Vermoed komplekse taalgebruik. Thomas Jefferson het gesê:

"The most valuable of all talents is that of never using two words when one will do."

- Vertaal tegniese terme en vaktaal waardeur inligting makliker verstaan kan word. Om verwarring uit te skakel, moet joernaliste self die terme en konsepte verstaan waaroor hulle skryf (Nelson, 1995: 15);
- Moenie `n tegniese term probeer verduidelik met `n nog tegnieser woord nie. Indien `n kalorie beskryf moet word, moenie dit verduidelik as die hoeveelheid hitte wat nodig is om die effek van `n temperatuurstyging van een graad Celsius van `n blokkie ys tot gevolg te hê nie. Gebruik eerder iets basies soos die feit dat 100 kalorieë energie verkry kan word deur drie suikerklontjies een klein skeppie botter te eet, of verduidelik dat `n man 100 kalorieë per uur nodig het om sy liggaam aan die gang te hou;
- Moenie alle tegniese terme uitaat nie. Wanneer nodig, gebruik hulle sonder om verskoning daarvoor te vra. Mense hou daarvan om onbekende woorde aan te leer (MacDougal, 1972: 453);
- Stel `n eie woordelys saam as verwysingsbron vir definisies (Nelson, 1995: 17);
- Moenie die leser se kennis oorskat of onderskat nie;
- Moenie alles in 500 woorde probeer weergee nie. Gebruik dit eerder vir ander artikels;
- Antwoord lesers se "waarom?", "waarvoor?" en "so, wat daarvan?" vrae in die teks;
- Moenie `n uitvindsel beskryf as "interessant" as dit nie bewys kan word nie. As dit bewys kan word met feite en beskrywings, is dit onnodig om dit as "interessant" te beskryf;
- Wetenskaplikes ys wanneer joernaliste sonder meer na `n nuwe wetenskaplike aankondiging verwys as "'n reuse deurbraak", "'n grootskaalse ontwikkeling" of "die sleutel tot die lewe". Hieroor sê MacDougal (1972: 457):

"They deplore the journalistic playing up and exaggerating the significance of a medical or scientific condition.";

- Die dramatisering van `n item van wetenskaplike belang het `n opvoedkundige waarde (MacDougall 1972: 457);



- Opskrifte speel ook 'n ramingsfunksie en bepaal die fokus van die artikel wat volg deur grense te stel waarbinne die teks verstaan moet word (Hansen, 1998: webblad);
- Gaan verbeeldingryk en kreatief om met die onderwerp (Goede, 1998: webblad);
- Proeflees en redigeer deur te kyk na volgorde, die belangrikheid van elemente en die impak van inligting;
- Sorg dat aanhalings korrek is en nie buite konteks gebruik word nie (West, 1997: webblad).

#### 4.4 Slot

Die wedloop teen spertye en die wye reeks onderwerpe wat dekking verlang, laat min tyd oor aan joernaliste om 'n deeglike tegniese en agtergrondskennis in te samel om die inligting wat wetenskaplikes en ander gesaghebbendes graag aan die publiek wil oordra, met genoegsame diepte oor te dra. Veral die tegniese gehalte van stories lei hieronder (Salomone *et al*, 1990: 118).

Dit bly egter die ideaal om omgewingsjoernalistiek so verbeeldingryk, skeppend en innoverend as moontlik aan te bied om lesers oor te haal om self betrokke te raak in omgewingsvriendelike optrede. Ernest Hemingway (aangehaal in West, 1997: webblad) se wenke vir treffende skrywerk geld beslis ook vir omgewingsjoernaliste:

"Always know how to write truly, and, having found what is true, to protect it in such a way that it becomes a part of the experience of the person who reads it"

## Hoofstuk 5

### Slotsom

"It is broad, embracing nothing less than life itself. It is interdependent with other fields, such as politics, culture and the economy. It is complex, and therefore resistant to simple explanations and equations. It is technical, which means it requires some expertise. Environmental news reporting is imprecise because environmental science is imprecise - imprecise in its sources, data, scientific methodology and solution. And it is emotional in the effect it has on people."

Gemeet aan hierdie omskrywing van omgewingsjoernalistiek deur Bryna Breenan (Nelson, 1995: iv), direkteur van opleiding van die *Centre for Foreign Journalist*, lyk die taak van 'n omgewingsjoernalis bykans onmoontlik. In die *Ten practical tips for environmental reporting* deur Peter Nelson bied Breenan egter verdere motivering:

"In some areas, however, good environmental reporting should be the same as any other good journalism: make it interesting; write it clearly; explain the complexities to the audience; and raise solutions – not just problems."

Reeds in 1950 het Sigurd F Olson joernaliste gemotiveer om hul talente te fokus op die bewaring van die natuurlike erfenis, aangesien 'n land se leierskap bepaal word deur gesonde natuurlike hulpbronne.

"This can happen if we develop the ingenuity to tell our story, if we can weave into conservation an appeal based on inherent appreciation and love of the out-of-doors, if we can translate facts and figures into human interest, breathe life and warmth into the complex problems confronting us."

Soortgelyke riglyne is in hierdie verhandeling uiteengesit in 'n poging om hulp aan toekomstige joernaliste te gee wat die omgewing hul belangstellingsveld wil maak. Dit is gedoen aan die hand van die bespreking van die verskillende denkskole, bronne, onderwerpe en agendas waarmee joernaliste werk. Hieruit blyk dit dat die veld van omgewingsjoernalistiek nie net 'n reuse bron van moontlike stories het wat gedek kan

word nie, maar dat die interpretasie en aanbieding daarvan afhang van die joernalis se denkraamwerk, motivering en inisiatief.

Die internasionale etiese werkskode wat deur joernaliste van 40 nasies aangeneem is by die sesde wêreldkonferensie van die *International Federation of Environmental Journalism* (IFEJ) in Oktober 1998, is goeie motivering en inspirasie vir omgewingsjoernaliste oor die wyse waarop hulle hul taak verrig in die bewusmaking van die publiek oor die eienskappe van die omgewing (Detjen, 1999: webblad).

Die kode behels:

1. Die reg tot 'n skoon omgewing en volhoubare ontwikkeling is grondliggend en verstrengel met die reg tot lewe, 'n goeie gesondheid en algemene welstand. Daarom moet omgewingsjoernaliste die publiek inlig oor aspekte wat bedreigings vir die omgewing inhou – op plaaslike, streek, nasionale en globale vlak;
2. Die media is meestal die enigste bron van inligting vir die publiek oor aspekte wat die omgewing raak. Daarom is dit die joernalistieke plig om openbare bewustheid hieroor te verskerp en om meer as een standpunt oor 'n saak te stel;
3. 'n Inligte publiek kan ingryp en begin optree om die omgewing te beskerm. Daarom is dit nie net joernaliste se plig om mense in te lig oor moontlike bedreigings nie, maar ook om die aanvanklike bedreiging op te volg met bykomende verslaggewing. Moontlike oplossings vir situasies moet aangebied word;
4. Joernaliste mag nie beïnvloed word deur gevestigde (“vested”) belange van politici, die regering of nie-regeringsorganisasies nie. Joernaliste moet 'n professionele afstand handhaaf van sekere belange en nie in die valstrik trap om 'n bondgenoot te word van een van hierdie groepe nie. Joernaliste moet onafhanklik bly en albei kante van 'n kontroversie rapporteer;
5. Joernaliste moet duidelik uitspel wie hulle as bronne gebruik. Daarby moet hulle nie alarmisties, spekulatief of bevooroordeel wees in hul verslaggewing nie. Joernaliste moet herhaaldelik die akkuraatheid en feitlikheid van informasie toets wat deur alle bronne verskaf word.
6. Omgewingsjoernaliste moet gelykheid bevorder wanneer dit kom by die toegang tot inligting oor die omgewing. Juis daarom moet joernaliste in ontwikkelende lande

gesteun word om toegang tot dieselfde inligting te kan verkry. Elektroniese mediums soos die Internet word beskou as 'n handige middel in hierdie strewes.

7. Joernaliste moet die privaatheid van individue respekteer wat beïnvloed word deur omgewingskatastrofes en natuurrampe;
8. Verkeerde of bevooroordeelde beriggewing moet reggestel word in opvolgberigte.

## Bibliografie

- Ader, Christine R. 1995. A Longitudinal Study of Agenda Setting for the Issue of Environmental Pollution. *Journalism & Mass Communications Quarterly* 72 (2), Summer 1995: 300-311.
- Ackland, Len. 1994. Risk Assessment: Useful or Overused? *Center for Environmental Journalism*, University of Colorado, Boulder, 27 April 27, 1994.
- A Beginner's Guide to Protecting the Planet. *Friends of the Earth* webpage. <http://www.foe.org/ptp/guide/organize/media.html>
- Bader, Renate G. 1990. How Science News Sections Influence Newspaper Science Coverage: A Case Study. *Journalism Quarterly* 67 (1): 88-92.
- Beukes, Ronel. 2000. Persoonlike onderhoud.
- Blum, Deborah & Mary Knudson. 1997. *A Field Guide to Science Writing*. New York: Oxford University Press.
- Cohn, Victor. 1989. *News and Numbers: A Guide to Reporting Statistical Claims and Controversies in Health and other fields*. Iowa: Iowa State University Press.
- Constanza, Robert, Ralph D'Arge, Rudolf de Groot, Stephen Farber, Monica Grasso, Bruce Hannon, Karin Limburg, Shahid Naeem, Robert V O'Neill, Jose Paruelo, Robert G Raskin, Paul Sutton & Marjan van den Belt. 1997. The Value of the world's ecosystem services and natural capital. *Nature*. MacMillan Publishers Ltd. <http://www.nature.com/Nature2/serve?SID=4...3CAT=NatGen&PG=ecosystem3.htm>
- Davis, Joel J. 1995. The Effect of Message Framing on Response to Environmental Communications. *Journalism & Mass Communication Quarterly* 72 (2): 285-299. Summer 1995.

- Daley, Patrick & O'Neill, Dan. 1991. "Sad is Too Mild a Word." Press coverage of the "Exxon Valdez" Oil Spill. *Journal of Communications*, Autumn 1991
- Detjen, Jim. 1997. MSU survey finds it is becoming more difficult to cover environmental news. *EJ News – Newsletter of the Michigan State University Environmental Journalism Program*: 1 (1) Spring 1997. Website: <http://environmental.jrm.msu.edu/survey.htm>
- Detjen, Jim. 1999. Environmental Journalists from 40 nations adopt International Ethics Code. *EJ News, a newsletter of the Knight Center for Environmental Journalism* 3 (1), Spring 1999. Website: <http://environmental.jm.msu.edu/ethics.htm>
- Detjen, Jim. 1999. Environmental Journalists Face Struggle Around the Globe – *EJ News, a newsletter of the Knight Center for Environmental Journalism* 3 (1) Spring 1999. Michigan State University School of Journalism. Website: <http://environmental.jm.msu.edu/FJ5edit.htm>
- Detjen, Jim. 1998. It is Time for Sustainable Journalism. *EJ News – A Newsletter of the Environmental Journalism Program* 2 (2) Fall 1998. Michigan State University School of Journalism. <http://environmental.jm.msu.edu/sustjourn.htm>
- Diamond, Jared. 1997. Kinship with the Stars, *Discover*, May 1997: 45-48.
- Dunlap, Riley E. & Scarce, Rik. 1991. Environmental Problems and Protection. *Public Opinion Quarterly* (55) Winter 1991: 651-672.
- Dunwoody, Sharon & Michael Ryan. 1985. Scientific Barriers to the Popularisation of Science in the Mass Media. *Journal of Communications*, Winter 1985: 22-46.
- Emous, Kirsten. 1988. Syllabus over wetenschapsjournalistiek. *De Journalist*. 12 September 1998: 18.

- Engelbrecht, Charles. 1997. Omgewingsjoernalistiek. *Stellenbosch Joernalistieke Insig* 3: 25-26.
- Fells, Ian. 1994. "20 seconds, Professor, and no long words!" *SPA*, Spring 1994: 33-37.
- Fox, Juliet. 1999. Australia Country Report, Friends of the Earth Australia. *Oneworld Homepage*. Website: <http://www.oneworld.org/slejf/zaustr.htm>
- Fleet, David. 1998. Media Coverage of Gas & Oil Drilling on Public Land in Northern Michigan *EJ News - Newsletter of the Environmental Journalism Program* 2 (1) Spring. Michigan State University School of Journalism. Webblad: <http://environmental.jrn.msu.edu/Pigeon.htm>
- Freedman, Eric. 1999. Remember People when Writing about the Environment. *EJ News*. Webblad: <http://www.environmental.jm.msu.edu/Epeople.htm>
- Freedman, Kenneth. 1999. *Problems in Environmental Journalism*. Suite 101 - Real People Helping Real People Website. 24 September 1999. Webblad: <http://www.suite101.com/article.cfm/127/25970>
- Garman, Brian. 1997. *Science and the Media: Hi Honey, I'm Home!* Science and Media Symposium. Cape Town, March 1997.
- Gascoigne, Toss, & Metcalfe, Jenni. 1997. Incentives and impediments to science communication through the media. *Science Communication*: 18 (3): 265-282. March 1997.
- Goede, Wolfgang O. 1998. *Be a checkered Violet, if you want to get out of the Ghetto*. Public Communication of Science and Technology Conference, Berlin 17-19 September 1998.
- Gosling, Melanie. 2000. Why do penguins have more pull? *Sunday Independent*, 22 Julie 2000.

- Griffin, Robert J & Dunwoody, Sharon. 1995. Impacts of Information Subsidies and Community Structure on Local Press Coverage of Environmental Contamination. *Journalism & Mass Communication Quarterly* 72 (2): 271-283.
- Gubb, Andy. 2000. Public Participation – A cornerstone of democracy. *African Wildlife* 54 (5): 5.
- Hansen, Anders. 1998 *Claims-making and framing in British newspaper coverage of environmental controversy*. Public Communication of Science and Technology Conference, Berlin 17-19 September 1998.
- Harriss, Julian, Kelly Leiter & Stanley Johnson. 1992. *The Complete Reporter: Fundamentals of News Gathering, Writing, and Editing*. New York: MacMillan Publishing Company.
- Harteveld, Tanja. 1995. *Die weergawe van omgewingsvraagstukke in populêre Duitse en Suid-Afrikaanse publikasies: 'n inhoudsanalise*. Magister in Lettere en Wysbegeerte, Universiteit van Stellenbosch.
- Hartz, Jim, & Chappell, Rick. 1997. *Worlds Apart: How the Distance Between Science and Journalism Threatens America's Future*. Nashville: Freedom Forum First Amendment Center. Webblad: [www.freedomforum.org](http://www.freedomforum.org)
- Iyioke, Ike. 1998. Environmental Coverage Priorities: A Michigan Newspaper Perspective *EJ News – Newsletter of the Environmental Journalism Program* 2 (1) Spring 1998. Michigan State University School of Journalism. Webblad: <http://environmental.jrn.msu.edu/MRRAP.htm>
- Jordaan, Willem. 1997. Is groen joernalistiek noodwendig veldtogjoernalistiek? *Stellenbosch Joernalistieke Insig* 3:26-27.



Kees, Beverly. 1998. Environmental beat presents special journalistic hazards, panel says. *The Freedom Forum Online*, 5 December 1998. Webblad: [www.freedomforum.org/professional/1998/12environmental.asp](http://www.freedomforum.org/professional/1998/12environmental.asp)

MacDougal, Curtis D. 1972. *Interpretative Reporting*. New York: MacMillan Publishing Co. Inc., Sixth edition.

*National Association of Science Writers* webblad; [www.nasw.org](http://www.nasw.org)

Nelkin, Dorothy. 1995. *Selling Science: How the Press Covers Science and Technology*. New York: WH Freeman & Co. Revised edition.

Nelson, Peter. 1995. *Ten Practical Tips for Environmental Reporting*. Virginia: Centre for Foreign Journalists.

Nedjar, Akila. 1998. *Air Pollution as an Example - the treatment of environmental issues by the media*. Public Communication of Science and Technology Conference, Berlin 17-19 September 1998.

Nicholson, Joe. 1998. Reporting scientific discoveries: a primer. *Editor & Publisher*, October 3 1998: 26.

Odell, Rice. 2000. A Pause to Refresh. *Environmental Health Centre Homepage*, 9 May 2000.

Olson, Sigurd F. 1950. Conservation Appeal. *The Sigmund F Olson Web Site*. [http://www.uwm.edu/dept/JMC/Olson/speeches/conservation\\_appeal.htm](http://www.uwm.edu/dept/JMC/Olson/speeches/conservation_appeal.htm)

Peters, Hans Peter. 1998. *Interactions of Scientists and Journalists: Theoretical approaches and empirical results*. Public Communication of Science and Technology Conference, Berlin 17-19 September 1998.

Quillen, Ed. 1999. Good Environmental Journalism is just Good Journalism. *Summer Environmental Journalism Workshop*. Western State College, Gunnison, Colorado, 24 June 1999. Webblad:  
<http://www.custerguide.com/quillen/.eqcols/19996241.htm>

Rose, Chris. 1993. Beyond the Struggle for Proof: factors changing the environmental movement. *Environmental Values* 2: 285-298. Cambridge: The White Horse Press.

Roux, Anna-Marie, 1994. Die pen - magtiger as die swaard. *Aksent*: 118-120.

Salomone, Kandice L, Michael R Greenberg, Peter M Sandman & David B Sachsman. 1990. A Question of Quality: How journalists and News Sources evaluate coverage of Environmental Risk. *Journal of Communications*, Autumn 1990: 117.

Strentz, Herbert. 1978. *News Reporters and News Sources - What happens before the story is written*. Ames: The Iowa State University Press, First edition.

Stoemer, Arnold F. 1998. *Scientists are more Satisfied with Journalists*. Public Communication of Science and Technology Conference, Berlin 17-19 September 1998.

Swift, Penny. 1997. *South African Environmental Directory*. Hout Bay: Woodbay Books.  
Crichton, Michael. 1999. *Why Science is Media-dumb: The Story*. Webblad:  
<http://www.abc.net.au/science/slab/crichton/story.html>.

Truter, Suzette 2001. *Insig*

Vaeliverronen, Esa. 1998. *Popularizes, interpreters, advisers, managers and critics: representing science and scientists to the media*. Public Communication of Science and Technology Conference, Berlin 17-19 September 1998.

Waldren, Mary-Anne. 1998. *Making Science saleable - the Australian Science Festival People are Important*. Public Communication of Science and Technology Conference, Berlin 17-19 September 1998.

West, Ross, 1997. A Few Notes on Successful Science Writing. *University of Oregon Science Writer*. Webblad: <http://guernsey.uoregon.edu/~phdemo/stereophysics/WritingGuide.html>

Wilkes, John. 1990. Scientists should spend more time communicating with the public. *The Scientist*, 8 January 1990: 15.

Yankah, Kojo. 1994. Covering the Environment in the Ghanian Media. *Africa Media Review* 8(1):42-56

Yeld, John. 2001. Fires, floods and oily penguins. *Cape Argus*, 2 Januarie 2001.